

BEN VILJOEN

BULLETIN

KWARTAAL 3

2025



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN


'N BETROKKE LEERDER IS 'N GELUKKIGE LEERDER



By Hoërskool Ben Viljoen word ons leerders se betrokkenheid beloon met 'n balkie wanneer hulle 25 positiewe punte of meer in 'n jaar verwerf. Deur die loop van die jaar kan leerders op verskeie terreine punte verwerf om in aanmerking te kom vir hierdie balkies waarvan die kleure volgens die aantal punte verskil. Wanneer leerders egter dissiplinêre punte verwerf, verloor hulle een positiewe punt vir elke tien dissiplinêre punte.

Die volgende leerders het gedurende die derde kwartaal gekwalifiseer vir hulle balkies:

WITBALKIES



Chanté van Staden




Chanté van Aswegen



Simone Theron



Edunette Kriel



Emma vd Westhuyzen



Mea-Né Hancke



Annél-Marie vd Walt



Maggie French



Nicole Senekal



**Nomthandazo
Mabuza**



Nadia Jv Rensburg



Ntsako Mashaba



WITBALKIES



KJ Briel



Caylin Sadie



Marnus Botha



Ané Botha



Merie Muller



Carmen Labuschagne



Duan Scorgie



Juhandrich Grundling



NJ de Wet



Elrigh Gouws




Du Toit Eksteen



Jaydéne Cloete



Jurihan Swart



**Christoff
Augustine**



Anel Geyser



**Alexia
Paissopoulos**



Anné Marais



Anel Muller



Keziah Truter



Jaun Roos



Motlotswa Thutse



Hercules Lewies



Nicke Botha



Livey van Blerk



Simone Naude

WITBALKIES



Musa Shadung




Lulamile Skhosana



**Bokamoso
Malebana**



Thato Mphahlele



Christi Patricio




Elsje de Bruin



Danelle Hall



Jacobus Lewies



Koketso Morena



Kamo Shadung



Jennifer Nwadike



Lesedi Makofane



Khaya Nkosi



Rihanna Maunatlala



Anika Pruis



Bontle Mkwanazi

GROENBALKIE



Ellené van der Westhuyzen



Akademie

UITNEMENDHEIDS- PRYSUITDELING



DIE GROBLERSDAL KRING SE UITNEMENDHEIDSPRYSUITDELING HET OP VRYDAG, 1 AUGUSTUS 2025, PLAASGEVIND.



Die Groblersdal Kring se Uitnemendheidsprysuitdeling het op Vrydag, 1 Augustus 2025, plaasgevind.

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat 38 van ons leerders tydens hierdie gesogte geleentheid toekennings verwerf het. Hierdie prestasies getuig van harde werk, deursettingsvermoë en die gehalte onderrig wat by Hoërskool Ben Viljoen aangebied word.

Ons kondig ook met trots aan dat die volgende personeellede toekennings verwerf het in die kring, met betrekking tot 2024 se NSS-eksamenuitslae:

Me Comien Booyse - Rekeningkunde - Eerste plek
Me Sanel Griesel en Me Christine Coetzee - Wiskunde - Tweede plek
Me Anrelene Smit - Toerisme - Eerste plek
Me Christel Durie - Tegniese Wiskunde - Eerste plek
Me Menanteau Roos - Engels Eerste Addisionele Taal - Tweede plek
Me Marianda van Jaarsveld - Inligtingstegnologie - Eerste plek
Me Rina Greyling - Afrikaans Huistaal - Eerste plek
Me Christelle Nieman - Verbruikerstudies - Derde plek
Me Marianda van Jaarsveld en Me Marelize Wessels - Rekenaartoepassingstegnologie - Eerste plek
Me Hannelie Erasmus - Engels Huistaal - Eerste plek



VERBRUIKERSTUDIES


VERBRUIKERSTUDIES BIED AAN DIE DALLERS DIE GELEENTHEID OM HULLE KREATIWITEIT EN PRAKTIESE VAARDIGHEDEN TEN TOON TE STEL.

Verbruikerstudies bied aan die Dallers die geleentheid om hulle kreatiwiteit en praktiese vaardighede ten toon te stel. Dit is hier waar ons meester-sjefs in wording hulle slag in die kombuis wys en die waarde van kwaliteit produkte ontdek. Die Graad 10-leerders het reeds hulle vaardighede op 'n prettige en smaaklike manier uitgebeeld deur selfgebakte kolwyntjies kreatief te versier. Later het hulle die uitdaging aangepak om 'n klassieke macaroni-en-kaas met tuisgemaakte witsous voor te berei – 'n gereg wat in enige Kook en Geniet-resepteboek ten toon gestel sou word.

Ons Graad 11-leerders het die tegniek van broskorsdeeg en meringue bemeester en dit gebruik om 'n heerlike Lemon Meringue-tert op te tower. Só leer hulle nie net die waarde van akkuraatheid en geduld nie, maar ook hoe om vaardighede in entrepreneurskap te ontwikkel.

Vir ons Graad 12's was 19 Augustus 2025 'n hoogtepunt toe hulle die finale praktiese eksamen voltooi het. Elke leerder moes 'n hoofgereg en nagereg voorberei en dit stylvol opdien, asook 'n gepaste verpakking ontwerp vir die maandelike verkoop daarvan. Hierdie eksamen, gemodereer deur Me. Bambo, het leerders die geleentheid gegee om hulle kennis en kreatiwiteit in volle glorie te wys.

Verbruikerstudies rus ons leerders toe om ingeligte en verantwoordelike verbruikers te wees van voedsel, klere, behuising, meubels en huishoudelike toerusting. Daarby bied dit aan hulle die vaardighede en selfvertroue om eendag suksesvolle entrepreneurs in die gemeenskap en die breër ekonomie te word.



Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

Graad 10 tot Graad 12

Wetenskap Pakkette:

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

Grade 10 to Grade 12

Science Combos:

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

Graad 8 tot Graad 12

Wiskunde Pakkette:

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

Grade 8 to Grade 12

Math Combos:

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.



← LISTEN TO THE
PODCAST OF HELENA
SPEAKING ON RSG ON
THIS LINK

PLEASE VISIT

[HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA](https://wenwetenskap.co.za)

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM



Top 10

KWARTAAL 2: 2025

Gr 8

1. LANÉL COETZEE	94.67%
2. MARTHINUS DREYER	91.44%
3. MYDHILI SANDEEP	90.78%
4. SIMONÉ UYS	
5. DENISE VAN DER WALT	
6. PRINCESS MOEMA	
7. CLARIEN VAN DER WALT	
8. MADEEHA SAYED	
9. LOTI LEDWABA	
10. DEHANÉ VAN DER MERWE	

Gr 9

1. MONIQUE VILJOEN	94.67%
2. FRANSIEN MYBURG	93.22%
3. CHANTÉ VAN STADEN	90.33%
4. CORLIA VILJOEN	
5. JAUN BOUWER	
6. HOPE MATSETELA	
7. MEA-NÉ HANCKE	
8. BERNICE ENGELBRECHT	
9. ROSIE VANJICKAL	
10. ANDISA MAQUTU	

Gr 10

1. MARNU HANCKE	82.71%
2. ANIKA PRUIS	82.57%
3. JAYDÉNE CLOETE	80.86%
4. BOKAMOSO MALEBANA	
5. ELÉNE BOTES	
6. KATINKA WESSELS	
7. CHRISTOFF VAN DER WALT	
8. MELADI RATAU	
9. BLESSING RATAU	
10. LERATO MAKWANA	

Gr 11

1. JAUN ROOS	87.86%
2. LESEGO MTHEMBU	87.71%
3. JACO VAN DER WESTHUYZEN	86.71%
4. ISABEL AGUINAGA	
5. DIAN DU PREEZ	
6. BOKANG MASEMOLA	
7. DUAN SCORGIE	
7. GIDEON VAN NIEKERK	
9. MOSHOPIADI NCHABELENG	
10. THETO TLOMATSANA	

Top 10

KWARTAAL 2: 2025

Gr 12

1. RORISANG MASEMOLA	87.57%
2. KYRA HANCKE	87.00%
3. MASHOTO MOELA	84.00%
4. CARMEN LABUSCHAGNE	
5. CHANTÉ VAN ASWEGEN	
6. ANEESHA MATHEW	
7. MERIE MULLER	
8. SIMONÉ THERON	
9. ELANDRÉ MALLO	
10. MAGGIE FRENCH	

"Learning is not attained by chance, it must be sought for with ardor and attended to with diligence"
- Abigail Adams



Plus 5

KWARTAAL 2: 2025

Gr 9

MARNUS BOTHA

BERNICE ENGELBRECHT

KEEGAN GERTENBACH

WILKO JANSE VAN RENSBURG

MALOSE MAHANYELE

NHLANHLA MASHIANE

PABALLO MATSEBA

LEANÉ MEYER

TSHEPANG RAMPHISA

JOE RAS

ATLEGANG SEDIBANE

DESIREÉ VAN DER WESTHUIZEN

LOUIS VAN SCHALKWYK

ANNE-MIKÉ VAN STADEN

ROSIE VANJICKAL

ZANO VAZI

CORLIA VILJOEN

LEANÉ WIESE

AYAMI XABA

Gr 11

CHENÉL GRUNDLING

REFENTSE MASHABA

SAMANTHA MATLALEPOO

RAPUDI MPETLE

THETO TLOMATSANA

Gr 12

ANZELLE DE JAGER

NADIA JANSE VAN RENSBURG

NICKY MULLER

SIMONÉ NAUDE

QASIM SHAH

IAN STEENKAMP

CHANTÉ VAN ASWEGEN

JANO VAN DEN HEEVER



Leierskap

UITVOERENDE RAAD 2026



Hoërskool Ben Viljoen se hoof en personeel is uiters trots om die nuwe leierskorps aan te kondig.

Baie geluk aan die Uitvoerende Raad van 2026! Julle dra 'n groot verantwoordelikheid, en ons weet dat julle met trots, integriteit en toewyding sal lei. Weet dat ons as skoolgemeenskap bankvas agter julle staan.



Isabel Aguinaga



Mari-Zanne Nortje



Chenél Grundling




Emma Jv Rensburg



Francina Meiring



Joné Bronkhorst



Elsje de Bruin




Kamogelo Mashishi



Rihanna Maunatlala



Khaya Nkosi



Christi Patricio



Almay Pretorius



Danelle Hall



Bontle Mkwana




Tisetso Netili



**Boitumelo
Mphahlele**



**Onkarabile
Ramatshego**



Tia-Mari Theron



Andrew Blake



Hugo Lourens

UITVOERENDE RAAD 2026



Leeroy Alexander



MJ Ras



Duan Scorgie



Jaun Roos



Jacobus Lewies



Jaco van der Westhuyzen

**“The quality of a leader is
reflected in the standards they
set for themselves”
-John C. Maxwell**



VERTEENWOORDIGENDE KOSHUISRAAD

DIE VERTEENWOORDIGENDE KOSHUISRAAD VAN HUIS CHERIÉ MEISIESKOSHUIS EN BOOMHUIS SEUNSKOSHUIS IS TYDENS 'N ELEGANTE FUNKSIE IN DIE SKOOL SE RESTAURANT AMPTELIK INGEHULDIG.



Die Verteenwoordigende Koshuisraad van Huis Cherié Meisieskoshuis en Boomhuis Seunskoshuis is tydens 'n elegante funksie in die skool se restaurant amptelik ingehuldig.

Ons spreek graag 'n woord van dank uit aan almal wat betrokke was by die sukses van die aand – julle ondersteuning en bydraes het dit 'n besondere geleentheid gemaak.

Ons wens die VKR van 2026 alle sterkte toe met die belangrike dienstermyn wat voorlê.

Huis Cherié:

Hoofmeisie: Tumi Mphahlele

Onder-hoofmeisie: Joné Bronkhorst

Magrietjie: Nické Botha

Graad 11-verteenwoordiger: Bongsi Mahlangu

Graad 10-verteenwoordiger: Fransien Myburg

Graad 9-verteenwoordiger: Dehané van der Merwe

Boomhuis:

Hoofseun: Jac-Johan Gouws

Onder-hoofseun: Andrew Blake

Broumeester: Mogale Makgopa

Graad 11-verteenwoordiger: Jordan Fortuin

Graad 10-verteenwoordiger: Elrich Gouws

Graad 9-verteenwoordiger: Jack Beukes




Koshuise

BROOMBALL-KOMPETISIE



HUIS CHERIÉ DOGTERSKOSHUIS HET HUL EERSTE BROOMBALL-KOMPETISIE AANGEBIED, WAAR DIE BOONSTE GANG TEEN DIE ONDERSTE GANG MEEGEDING HET.



Huis Cherié Dogterskoshuis het hul eerste Broomball-kompetisie aangebied, waar die boonste gang teen die onderste gang meegeeding het. Ná 'n opwindende wedstryd het die boonste gang die oorwinning met 3-1 beklank.



Sport



AUSC REGION 5 JEUGSPELE

ONS DALLERSPOEDVRAAT, JACO VAN DER WESTHUYZEN, SPOG MET TWEE BRONSMEDALJES NA AFLOOP VAN DIE REGION 5 GAMES WAT IN SWAKOPMUND, NAMIBIË PLAASGEVIND HET!

Ons Dallerspoedvraat, Jaco van der Westhuyzen, spog met twee bronsmedaljes na afloop van die Region 5 Games wat in Swakopmund, Namibië plaasgevind het!


Jaco, wat tans o.17 is, het te staan gekom teen atlete onder die ouderdom van 20 jaar in die jeug mans-afdeling.

In die 100m-item kon hy daarin slaag om met 'n tyd van 10.84 in die derde plek oor die wenstreep te wees, terwyl hy 'n vierde plek in die 200m-item verower het.

Hy was ook deel van die Suid-Afrikaanse 4x100m-aflosspan wat 'n derde plek tydens dié Spele verower het met sy spoedlopie in die pylvlak wat span Suid-Afrika vanaf 'n vierde na 'n derde plek laat opskuif het.



**TWEE MEDALJES
VIR BLITSIGE JACO!**



DALLERS SKITTER OP PROVINSIALE VLAK!



TYDENS DIE JUNIE-SKOOLVAKANSIE HET VERSKEIE VAN ONS LEERDERS MET TROTS HUL SKOLEKLEURE VERRUIL VIR DIE ONDERSKEIE LIMPOPO-TRUIE — EN OP PROVINSIALE VLAK GEWYS WAARVAN BEN VILJOEN-SPELERS GEMAAK IS!

Tydens die Junie-skoolvakansie het verskeie van ons leerders met trots hul skolekleure verruil vir die onderskeie Limpopo-truie — en op provinsiale vlak gewys waarvan Ben Viljoen-spelers gemaak is!

Hokkie:

- **Bonolo Mashabela** is opgetrek na die o.18B Limpopo seunshokkiespan wat vanaf 29 Junie tot 3 Julie by Michaelhouse aan die streekstoernooi deelgeneem het. Bonolo het as middelveldspeler uitgedraf en met sy deursettingsvermoë en spelbewustheid beïndruk teen van die beste spelers in die land.
- **Mieke du Toit** het as deel van die Limpopo o.14B dogtershokkiespan aan die streekstoernooi by Hoërskool Noordheuwel deelgeneem, waar hulle algeheel vyfde geëindig het.
- **Christi Patricio** en **Odirile Mateya** het Limpopo verteenwoordig tydens die o.18 Inter-Provinsiale Dogtershokkietoernooi by St Anne's Diocesan College in Hilton. Limpopo het die toernooi in die elfde plek afgesluit.
- **Lesedi Makofane**, **Monya van Niekerk** en **Emma-Lee van der Westhuyzen** het aan die Inter-Provinsiale toernooi se o.16-afdeling deelgeneem, waar hulle 'n vyfde plek behaal het.





U16 GRANT KHOMO WEEK

30 June – 4 July
St Alban's College,
Pretoria



DALLERS SKITTER OP PROVINSIALE VLAK!

TYDENS DIE JUNIE-SKOOLVAKANSIE HET VERSKEIE VAN ONS LEERDERS MET TROTS HUL SKOLEKLEURE VERRUIL VIR DIE ONDERSKEIE LIMPOPO-TRUIE — EN OP PROVINSIALE VLAK GEWYS WAARVAN BEN VILJOEN-SPELERS GEMAAK IS!



Middle f.l.t.r: Justin Kelling, Bradley Molewa, Tshupo Makgai, Tino Roberts, Junaid Stevens, Cohen Koopman, Scott van Zyl, Lethogonoglo Mojapelo, Phomolo Shubane, Musa Shingane, Xander Dreyzel, Ruhardt van Staden. *Front f.l.t.r:* Randy Mongo (Conditioning Coach), Steve Kruger (Forwards Coach), Peter Schutte (Head Coach), Edwin Matola (Vice-Captain), Anton du Plessis (Bestuur), Johan du Bruyn (Captain), Adolf Ellis (Bestuur), Johan van Biljon, Rhyndard Janse van Rensburg (Backline Coach), Mark Louwies (Bestuur), Rudolph Fourie (Team Manager).



- **Cherise van Heerden** het Limpopo tydens die o.16 Streekstoernooi in Nelspruit verteenwoordig - 'n waardevolle ervaring vol groei en spanbou.
- **Ellené van der Westhuyzen**, saam met **Francia Meiring** en **Suné Lessing**, het aan die o.18 Dogtershokkie Streekstoernooi in Nelspruit deelgeneem. Ellené het die span as kaptein gelei, en Limpopo het die toernooi in die sewende plek afgesluit.

Rugby:

- Tydens die AFGRI Rugbyweek by Hoërskool Voortrekker (Bethlehem) was agt Dallers deel van die Limpopospanne:
 - o.15A-span: **Joe Ras (kaptein)**, **Malaesela Maeyane**, **O'Niell Lenting** en **Mondray Arendse**.
 - o.15B-span: **Damain Joumath**, wat sterk vertoon het ten spyte van twee nederlae teen die Pumas en Luiperds.
 - o.17A-span: **Andrew Blake**, **Rome Pietersen** en **Zeagan Groenewald**.



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN



- Tydens die Grant Khomo-week by St Alban's College (Pretoria) het **Marnu Hancke**, **Junaïd Stevens** en **Cohen Koopman** vir Limpopo uitgedraf. Hulle het slegs één wedstryd verloor, met oorwinnings van 60–0 teen Grens en 30–12 teen die Luiperds.
- Die Doom Gouws-week by Hoërskool Bekker het twee van ons eie, **Peter Jacquire** en **Jordan Fortuin**, uitgedraf vir die Limpopo Blou Bulle. Peter het die span as kaptein gelei - 'n besondere prestasie!
- Joe Cloete, ons eerstespan-skrumskakel, het Limpopo tydens die Akademieweek by Hoërskool Middelburg verteenwoordig. Sy spelpeil en leierskap het weereens bevestig waarom hy 'n sleutelrol in ons span speel.

Netbal:

- **Kyra Hancke**, **Carmen Labuschagne** en **Anel Muller** was deel van die o.18 Mopani-span wat aan die Telkom Netbalkampioenskappe by Hoërskool DF Malan in Bellville deelgeneem het. Hulle het die toernooi in die 18de plek afgesluit.

Ons is ongelooflik trots op elke Daller wat hul deel was van hierdie toernooie. Julle het nie net jul sportvaardighede gewys nie, maar ook die gees, trots en waardes van Hoërskool Ben Viljoen gedra.





LIMPOPO RUGBYFINAAL

'N DAG VAN HARDE, VINNIGE HARDLOOPRUGBY WAT BEHOORLIK DIE TOESKOUERS DEURENTYD OP DIE RAND VAN HULLE SITPLEKKE GEHOU HET MET 'N PAAR SENUTERGEENDE OOMBLIKKE.



Die Limpopo Rugbyfinaal het die 26ste Julie 2025 op ons tuisveld plaasgevind. 'n Dag van harde, vinnige hardlooprugby wat behoorlik die toeskouers deurentyd op die rand van hulle sitplekke gehou het met 'n paar senutergende oomblikke.

Ons is trots om aan te kondig dat beide die o.14 Limpopo-trofee, sowel as die 1ste Span Limpopo-trofee vanjaar in ons trofeëkas te sien is.

Uitslae:

o.14A Hoërskool Ben Viljoen 24-00 Hoërskool Frikkie Meyer

o.15A Hoërskool Ben Viljoen 07-12 Hoërskool Ellisras

o.15B Hoërskool Ben Viljoen 00-12 HTS Tom Naude

o.16A Hoërskool Ben Viljoen 24-26 Hoërskool Ellisras

1ste Span Hoërskool Ben Viljoen 27-23 Hoërskool Hans Strijdom



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN





RUGBY UITSLAE

SDC NOORDVAAL RONDTE 1

o.14A	HBV	33	05	PTA Noord
o.15A	HBV	20	10	PTA Noord
o.16A	HBV	19	27	Wagpos
1ste Span	HBV	18	36	Die Wilgers

SDC NOORDVAAL RONDTE 2

o.14A	HBV	40	05	Die Wilgers
o.15A	HBV	07	17	Hans Moore

SDC SEMI-FINAAL

o.14A	HBV	40	40	Leeuwenhof Akademie
-------	-----	----	----	---------------------



PHS BLITZFEES

ONS O.15- EN O.17-SEWESRUGBYSPANNE HET DEELGENEEM AAN DIE PHS BLITZFEES BY HOËRSKOOI PIETERSBURG.

Ons o.15- en o.17-sewesrugbyspanne het deelgeneem aan die PHS Blitzfees by Hoërskool Pietersburg.

Ons o.15A-span het die toernooi onoorwonne afgesluit as die algehele wenner, nadat hulle in die finaal 'n spannende wedstryd teen Hoërskool Ellisras met 24–21 gewen het.

Die o.15B-span het sterk begin, maar moes in die uitspeelwedstryde die knie buig en eindig in die algehele 12de plek.

Ons o.17-span behaal 'n algehele sesde plek nadat hulle in die Plaatfinaal die knie moes buig teen Hoërskool Merensky.

o.15A Uitslae:

HBV 26–14 Hoërskool Ben Vorster

HBV 47–12 Hoërskool Nylstroom

HBV 41–00 Hoërskool Pietersburg (3)

Beker Semi-Finaal: HBV 33–07 HTS Tom Naudé

Beker Finaal: HBV 24–21 Hoërskool Ellisras

o.15B Uitslae:

HBV 19–10 Northern Academy

HBV 19–40 HTS Tom Naudé

HBV 00–67 Hoërskool Pietersburg (1)

Bowl Semi-Finaal: HBV 00–17 Hoërskool Nylstroom

11de/12de Plek: HBV 12–29 Hoërskool Frans du Toit

o.17 Uitslae:

HBV 35–10 Hoërskool Ben Vorster

HBV 05–07 Hoërskool Hans Strijdom

HBV 28–05 Hoërskool Frans du Toit

Plaat Semi-Finaal: HBV 21–17 Hoërskool Ellisras

Plaatfinaal (5de/6de Plek): HBV 12–21 Hoërskool Merensky

PHS BLITZFEEES



ONS O.15- EN O.17 FAST FIVE-NETBALSPANNE HET AAN DIE OPWINDENDE FAST FIVE-TOERNOOI BY HOËRSKOOI PIETERSBURG DEELGENEEM

Ons o.15- en o.17 Fast Five-netbalspanne het aan die opwindende Fast Five-toernooi by Hoërskool Pietersburg deelgeneem.

Ons o.15-span eindig in die algehele agtste plek nadat hulle sterk wedstryde in die poel- en uitspeelrondtes gespeel het.

o.15-uitslae:

HBV 15 – 12 Curro Heuwelkruin Net Ninjas
HBV 12 – 17 PHS Aarde
HBV 22 – 15 Hans Strijdom Witspan
HBV 14 – 09 Ellisras Rapid Fire

Uitspele:

HBV 12 – 16 Noorderland Rainbow Runner
HBV 19 – 30 Frikkie Meyer Rooi
HBV 09 – 20 Frans du Toit 2

Ons o.17-span het dapper gespeel en goeie gees op die baan getoon teen sterk opponente.

o.17-uitslae:

HBV 12 - 21 Noorderland
HBV 15 - 17 HPP

Ons is trots op ons Daller Fast Five-spanne en die waardevolle ervaring wat hulle opgedoen het.

RASSIES BOSVELD SEWES

ONS O.15- EN O.17-SEWESRUGBYPANNE HET DEELGENEEM AAN DIE RASSIES BOSVELD SEWES BY HOËRSKOOI ELLISRAS.

Ons o.15- en o.17-sewesrugbyspanne het deelgeneem aan die Rassies Bosveld Sewes by Hoërskool Ellisras.

Ons o.15-span het die toernooi afgesluit as die Bowl-wenners, nadat hulle in die uitspeelrondte vir die vyfde en sesde plek teen Hoërskool Merensky met 56-00 koning gekraai het.

Ons o.17A-span behaal 'n algehele vierde plek nadat hulle in die uitspeelrondte vir plekke drie en vier die knie teen Hoërskool Ellisras met 12-19 moes buig, met die o.17B-span wat harde kompetisie in die gesig moes staar en in die algehele sestiende plek eindig.

o.15 Uitslae:

HBV 36-00 Curro Heuwelkruin
HBV 47-07 Hoërskool Louis Trichardt
HBV 21-33 Hoërskool Ben Vorster

Bowl Semi-finaal:

HBV 50-00 Hoërskool Frikkie Meyer

Bowl Finaal:

HBV 56-00 Hoërskool Merensky

o.17A Uitslae:

HBV 19-17 Hoërskool Merensky
HBV 33-24 Northern Academy
HBV 26-07 Hoërskool Frans du Toit

Beker Semi-finaal:

HBV 12-26 Hoërskool Pietersburg

Plekke 3 & 4:

HBV 12-19 Hoërskool Ellisras

o.17B Uitslae:

HBV 07-40 Curro Heuwelkruin
HBV 20-49 Hoërskool Frikkie Meyer
HBV 00-59 Hoërskool Ellisras

Skild Semi-finaal:

HBV 10-14 Waterberg Academy

Plekke 15 & 16:

HBV 12-33 Hoërskool Frans du Toit



VALLEI UILE SEWESTOERNOOI

DIE EERSTE VALLEI UILE SEWESTOERNOOI HET PLAASGEVIND OP ONS TUISVELD, MET TWAALF SKOLE VAN REGOOR LIMPOPO WAT HIERAAN DEELGENEEM HET.

Die eerste Vallei Uile Sewestoernooi het plaasgevind op ons tuisveld, met twaalf skole van regoor Limpopo wat hieraan deelgeneem het. Na 'n warm Groblersdaldag, gevul met hardlooprugby en goeie sportmangsgees, is ons trots om aan te kondig dat ons o.15-span as die weners van die dag gekroon is, terwyl die o.17-span in die tweede plek eindig.

o.15A

HBV1 19-12 HTS Tom Naude
HBV1 26-07 Piet Potgieter
HBV1 48-05 HBV3
Beker Semi-finaal
HBV1 17-07 Ben Vorster 1
Beker Finaal
HBV1 21-19 PHS

o.17A

HBV 26-17 Ellisras
HBV 28-05 Nylstroom
HBV 36-00 Northern Academy
Beker Semi-Finaal
HBV 26-17 Ben Vorster
Beker Finaal
HBV 10-14 PHS

o.15B

HBV2 07-35 Northern Academy
HBV2 00-39 Ellisras
HBV2 07-21 Merensky
Skild Semi-Finaal
HBV2 29-22 Nylstroom

o.15C

HBV3 05-38 Piet Potgieter
HBV3 00-38 HTS Tom Naude
HBV3 05-48 HBV1
Skild Semi-Finaal
HBV3 00-38 PHS2



NOORDVAAL SEWESTOERNOOI



ONS O.15- EN O.17-SEWESRUGBYSPANNE DEELGENEEM AAN DIE NOORDVAAL SEWESTOERNOOI WAT BY HOËRSKOOI NYLSTROOM PLAASGEVIND HET.

Ons o.15- en o.17-sewesrugbyspanne deelgeneem aan die Noordvaal Sewestoernooi wat by Hoërskool Nylstroom plaasgevind het. 'n Dag van harde, vinnige hardlooprugby wat behoorlik die toeskouers deurentyd op die rand van hulle sitplekke gehou het met 'n paar senutergende oomblikke. Ons is trots om aan te kondig dat ons o.15-span as die Bowlweners uit die stryd getree het, terwyl ons o.17-span in die algehele sesde plek eindig.

Uitslae:

o.15:

HBV 19-19 Hoërskool Nelspruit
HBV 36-12 Hoërskool Wonderboom
HBV 21-22 Hoërskool Zwartkop

Bowl Kwartfinaal:
HBV 36-10 Heidelberg Volksskool

Bowl Semi-Finaal:
HBV 21-10 Hoërskool Ligbron

Bowlfinal:
HBV 31-26 Hoërskool Wesvalia

Uitslae:

o.17:

HBV 19-19 Hoërskool Dinamika
HBV 00-34 Hoërskool Garsfontein

Beker Kwartfinaal:
HBV 17-22 Hoërskool Zwartkop

Plaat Semi-Finaal:
HBV 12-05 Hoërskool Ligbron

Plaatfinal:
HBV 05-29 Hoërskool Garsfontein





DIE UILE



DIE DALLERS DROOM VAN 'N ASTRO

HELP ONS OM ONS DROOM
TE BEWAARHEID

**RAAK BETROKKE BY HIERDIE
GESKIEDKUNDIGE GEMEENSKAPSPROJEK**

1 M² ASTROTURF TEEN
R1500

**SKANDEER DIE QR-KODE VIR
TOEGANG TOT DIE GOOGLE
DONASIEVORM**

KONTAKPERSONE:


BJ JOVNER:
082 376 2264

ARNOLD VAN DER WALT:
082 858 3812



DIE DALLERS DROOM VAN 'N ASTRO

13.08% REEDS VERKOOP



R1 020 000 UIT R 7 800 000

R 1 500 = 1 M²



DOELWAGTERSKLINIEK

AAN DIE EINDE VAN KWARTAAL TWEE, HET ONS 'N BESONDERSE OPWINDENDE DAG GEHAD TOE MNR ANDREW CANDIOTES 'N SPESIALIS HOKKIE-DOELWAGTERSKLINIEK VIR ONS JUNIOR- EN SENIORDOELWAGTERS AANGEBIED HET.



Aan die einde van kwartaal twee, het ons 'n besondere opwindende dag gehad toe Mnr Andrew Candiotes 'n spesialis hokkie-doelwagterskliniek vir ons junior- en seniordoelwagters aangebied het.

Dié kliniek was 'n waardevolle geleentheid vir doelwagters om hul tegnieke te slyp en hul spelpeil te verbeter.

Mnr Candiotes, 'n kenner op die gebied van hokkie-doelwagtersontwikkeling, het die spelers begelei deur 'n reeks gestruktureerde oefeninge wat gefokus het op, onder andere, reaksietyd.

Nie net was dit 'n leersame ervaring nie, maar dit was ook 'n inspirasie om te sien hoe passie en harde werk saamkom op die veld.

Vir die doelwagters was dit nie net 'n hoogtepunt in hul sportontwikkeling nie, maar ook 'n herinnering dat daar altyd ruimte is om te groei, te leer en te droom.



0.14 DOGTERS BY MEDIUMSKOLE NOORDVAALKAMPIOENSKAPPE

ONS 0.14 DOGTERSHOKKIESPAN HET VAN 6 TOT 9 AUGUSTUS AAN DIE
MEDIUMSKOLE NOORDVAALKAMPIOENSKAPPE IN ERMELO DEELGENEEM



Ons 0.14 dogtershokkiespan het van 6 tot 9 Augustus aan die Mediumskole Noordvaalkampioenskappe in Ermelo deelgeneem. Al was die weer ysig, het dit geensins die Dallers se gees afgekoel nie!

Met vasberadenheid en spanwerk het ons dogters 'n reeks strawwe wedstryde aangedurf en uiteindelik in 'n indrukwekkende sesde plek uit sestien deelnemende skole geëindig – 'n prestasie waarop ons baie trots is.

Uitslae:

Poelwedstryde:

HBV 1–3 Hoërskool Hoogenhout

HBV 3–1 Hoërskool Overvaal

HBV 1–0 Hoërskool Delmas

Kwartfinaal:

HBV 2–3 Hoërskool Bergsig

Semi-finaal (uitspeel vir plekke 5–8):

HBV 4–1 Hoërskool Volksrust

Finaal (uitspeel vir plekke 5 & 6):

HBV 0–2 Leeuwenhof Akademie





GROOTSKOLE B-AFDELING NOORDVAALHOKKIETOERNOOI

**ONS O.15- EN O.16 DOGTERSHOKKIESPANNE HET VANAF 14 AUGUSTUS
DEELGENEEM AAN DIE GROOTSKOLE B-NOORDVAALTOERNOOI**

Ons o.15- en o.16 dogtershokkiespanne het vanaf 14 Augustus deelgeneem aan die Grootskole B-Noordvaaltoernooi wat, onderskeidelik, by Hoërskool Hugenote en Hoërskool Monument plaasgevind het. Die sestien skole wat in die o.15-afdeling deelgeneem het is: Hoërskool Garsfontein, Hoërskool Transvalia, Hoërskool Menlopark, Hoërskool Piet Retief, Hoërskool Merensky, Hoërskool Lydenburg, Hoërskool Swartkop, Hoërskool Marais Viljoen, Hoërskool Klerksdorp, Hoërskool Montana, Helpmekaar Kollege, Hoërskool Linden, Hoërskool Nelspruit en Hoërskool Driehoek.

Die o.15-span eindig algeheel agtste, terwyl die o.16-span algeheel negende eindig.



Uitslae:

o.15:

speel 3-3 gelykop teen Hoërskool Marais Viljoen
speel 2-2 gelykop teen Helpmekaar Kollege
wen 3-2 teen Hoërskool Piet Retief
verloor 0-3 teen Hoërskool Transvalia in die kwartfinaal
verloor 0-2 teen Hoërskool Merensky
verloor 1-3 teen Hoërskool Lydenburg

o.16:

verloor 0-1 teen Hoërskool Montana
speel 2-2 gelykop teen Hoërskool Swartkop
wen 7-1 teen Hoërskool Randburg
wen 5-1 teen Hoërskool Dinamika





SEUNSHOKKIESPAN NA NOORDVAALUIT SPEELRONDTE

OP VRYDAG, 25 JULIE 2025, HET ONS SEUNSHOKKIESPAN DIE LANGPAD VANDERBIJLPARK TOE AANGEDURF VIR DIE UITSPEELRONDTE VAN DIE NOORDVAALKOMPETISIE



Op Vrydag, 25 Julie 2025, het ons seunshokkiespan die langpad Vanderbijlpark toe aangedurf vir die uitspeelrondte van die Noordvaalkompetisie, waar hulle te staan gekom het teen die span van Hoërskool Driehoek.

Hoewel ons manne dapper geveg het, moes hulle uiteindelik die knie buig met 'n telling van 1-3. Dit was 'n fisieke en vinnige wedstryd, en die Dallers het met moed en trots gespeel tot die laaste fluitjie.

Ons is trots op julle veggees waarmee julle hierdie seisoen aangepak het!



LIMPOPO GHOLFFINAAL

DIE LIMPOPO GHOLFFINAAL HET OP 28 JULIE 2025 PLAASGEVIND BY DIE KAMEELDORING GHOLFFKLUB IN MOKOPANE.


Die Limpopo Gholffinaal het op 28 Julie 2025 plaasgevind by die Kameeldoring Gholffklub in Mokopane.

Ons A-span eindig in die tweede plek in hulle divisie, met Christoff Augostine wat aangewys word as die beste speler van die dag met 143 houes oor 36 gate.

Ons B-span eindig ook in die tweede plek in hulle divisie, met Marnu Hancke wat 36 punte maak, die tweede meeste IPS punte vir die dag in die B-liga.

Ons C-span wen hulle divisie, met Bernu Eksteen wat 39 punte maak, die tweede meeste IPS punte vir die dag in die C-liga.

Na afloop van die finaal, kwalifiseer ons A-span om deel te neem aan die Noordvaal Gholfkampioenskappe wat vanjaar in Orkney plaasvind.



**“THERE ARE NO
SHORTCUTS ON
THE QUEST FOR
PERFECTION.”**



SUID-AFRIKAANSE GHOLFKAMPIOENSKAPPE

DIE SUID-AFRIKAANSE HOËRSKOLE GHOLFKAMPIOENSKAPPE HET VANAF
4-6 AUGUSTUS 2025 PLAASGEVIND BY MIDDELBURG COUNTRY CLUB



Die Suid-Afrikaanse Hoërskole
Gholfkampioenskappe het vanaf 4-6 Augustus
2025 plaasgevind by Middelburg Country Club,
waar die Dallers teen die top Hoërskool
gholfspanne in Suid-Afrika deelgeneem het.

Ons eindig in die algehele 20ste plek, en
verbeter met vyf plekke teenoor verlede jaar se
kampioenskappe.

Uit die 104 deelnemers wat aan vanjaar se
toernooi deelgeneem het, eindig Juan van den
Heever in die 51ste plek met elf houe bo
baansyfer, terwyl Christoff Augustine, met twaalf
houe bo baansyfer, 'n 53ste plek bekleë. Henco
Smith eindig in die 86ste plek, met Chris
Jordaan in die 95ste plek.

**ALGEHELE 20STE
PLEK VIR DIE
DALLERS**

NOORDVAAL GHOLFKAMPIOENSKAPPE

DIE NOORDVAAL GHOLFKAMPIOENSKAPPE IS OP 4 EN 5 OKTOBER 2025 BY DIE ORKNEY GHOLFBAAN IN ORKNEY, NOORDWES, AANGEBIED.

Die Noordvaal Gholfkampioenskappe is op 4 en 5 Oktober 2025 by die Orkney Golfbaan in Orkney, Noordwes, aangebied. Tydens hierdie toernooi het die Dallers kragte gemeet met die top 13 skole van regoor die streek.

Ons is trots om te deel dat ons spelers 'n algehele agtste plek verower het – 'n uitstekende prestasie teen strawwe mededinging!



**ALGEHELE AGTSTE
PLEK VIR ONS
A-SPAN**



NETBALAFSLUITING 2025

Ons netbalspanne het tydens die laaste week van kwartaal 3 hulle jaarlikse afsluitingsfunksie in Ben's Kafeteria gehou.

Dit was 'n geleentheid vol glimlagte en mooi herinneringe, waar elke spanlid se harde werk en toewyding deur die jaar gevier is.

Dankie aan elke afrigter, ouer en speler wat bygedra het tot 'n onvergeetlike seisoen!



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN

PROVINSIALE GHOLFSPELERS

Christoff Augustine en Henco Smith is gekies om die Limpopo Interprovinsiale Golfspan (IPT) te verteenwoordig tydens vanjaar se toernooi. Hierdie is 'n besondere prestasie en 'n groot eer vir beide spelers.

Die Junior Interprovinsiale Golf Toernooi is een van die mees gesogte amateurtoernooie in Suid-Afrika, waar die beste gholfspelers van elke provinsie hul staal wys. Dit bied spelers die geleentheid om hul vaardighede op 'n hoë vlak ten toon te stel en waardevolle ondervinding op te doen teen van die land se topgholfers.

Ons is trots op Christoff en Henco se harde werk, toewyding en deursettingsvermoë wat tot hierdie prestasie gelei het.





PROVINSIALE GHOLFSPELER

Baie geluk aan Juan van den Heever wat gekies is vir die Limpopo Hoërskole IPT-span. Hierdie span gaan vanaf 5-8 Oktober aan die Suid Afrikaanse Hoërskool Interprovinsiale Gholf Toernooi (IPT) deelneem wat in Orkney plaasvind.

Die Hoërskool Interprovinsiale Gholf Toernooi (IPT) is een van die mees gesogte amateurtoernooie in Suid-Afrika, waar die beste gholfspelers van elke provinsie hul staal wys. Dit bied spelers die geleentheid om hul vaardighede op 'n hoë vlak ten toon te stel en waardevolle ondervinding op te doen teen van die land se topgholfers.

PROVINSIALE SEWESRUGBY- SPELERS

Baie geluk aan Refentse Mashaba, Cohen Koopman en Junaid Stevens wat ingesluit is in die Limpopo Sewes Cravenweekrugbyspan.





DIE UILE GHOLFDAG

Elke span moet 'n bietjie flair hê - onthou, ten minste een dame moet deel wees van julle span!

18 OKTOBER 2025

4 Ball Scramble

R2000 per 4 bal
(sluit karretjie & half weg ete in)

SHOT GUN START
7am & 12pm

Vir meer inligting & besprekings kontak :

JACO KOTZE - 082 789 9168 / BJ JOVNER - 082 376 2264

VARSWATEROEWERHENGEL



DIE EERSTE LIGABYEENKOMS VAN 2025 SE LIMPOPO SKOLE VARSWATER OEWERHENGEL HET PLAASGEVIND OP 27 JULIE 2025 BY DIE NYL BIODIVERSITEIT DAM IN MOKOPANE

Varswaternoewerhengel is 'n opwindende sportsoort wat deur mense van alle ouderdomme geniet word. Dit is ontspannend, en tegelyk 'n uitdagende aktiwiteit wat fisiese vaardigheid, kennis van visvangtegnieke, en 'n begrip van die natuur se ekosisteem vereis.

Die eerste ligabyeenkoms van 2025 se Limpopo Skole Varswater Oewerhengel het plaasgevind op 27 Julie 2025 by die Nyl Biodiversiteit Dam in Mokopane en Hoërskool Ben Viljoen se span verwerf 'n algehele sewende plek.



Tydens hierdie eerste ligabyeenkoms, verwerf NJ de Wet 'n elfde plek met 'n totaal van 22.2kg, terwyl Louis van Schalkwyk 'n veertiende plek verwerf. Marthinus Dreyer, James Coetzee en Arno du Plessis vaar ook uitstekend tydens die dag.

Ons hengelspan, beter bekend as die Ben Vissers, het ook deelgeneem aan die laaste ligabyeenkoms van die hengelseisoen wat by die Nyl Biodiversiteitdam in Mokopane plaasgevind het.



Met 'n uitstekende spanpoging, en volgehoue toewyding eindig ons hengelspan in die algehele tweede plek vir die seisoen. Hierdie prestasie verseker vir ons span 'n uitnodiging na die Champ-of-Champs Suid-Afrikaanse Skolefinaal, wat van 10 tot 12 Oktober 2025 by die Bloemhofdam aangebied word.

Vir ons Dallers is hierdie egter 'n enorme prestasie aangesien vanjaar eers die tweede jaar is wat ons aan die varswateroewerhengel-liga deelneem.





MARTHINUS IN SAVOF-TOERSPAN

Varswateroewerhengel is meer as net water, hoeke en aas, dit is 'n sport waar jy jou geduld toets, jou vaardighede slyp en soms jouself verras met wat jy regkry.

Ons wens graag Marthinus Dreyer alles van die beste toe met sy deelname aan die SAVOF-toernooi wat van 4–8 Oktober 2025 by die Bloemhofdam plaasvind.

Mag dit 'n onvergeetlike en suksesvolle ervaring wees!

SHINISKA INGESLUIT IN LIMPOPO LANDLOOPSPAN

Ons is baie trots om aan te kondig dat Shiniska du Plessis ingesluit is in die Limpopo Landloopspan wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelgeneem het.

Hierdie kampioenskappe het op 6 September 2025 plaasgevind by die Kees Taljaard Stadion in Middelburg, Mpumalanga.

Baie geluk - jou harde werk en deursettingsvermoë is beloon!





GEEN KEER AAN OMPHILE

OMPHILE TSHIKANE HET GEDURENDE DIE DERDE KWARTAAL DEELGENEEM AAN ONDER ANDERE DIE F10 DEVELOPMENT 10KM-WEDLOOP, DIE LIMSA SUID-AFRIKAANSE LANDLOOPKAMPIOENSKAPPE, SOWEL AS AAN DIE SESHEGO MARATON.



**OMPHILE WEN
SESHEGO
MARATON**

Omphile Tshikane het tydens die derde kwartaal deelgeneem aan die F10 Development 10km wedloop wat by die Foskop Gemeenskap-sentrum in Phalaborwa, Limpopo plaasgevind het. Die doel van hierdie wedloop word volgens Foskop uiteengesit as die ontwikkeling van junior langafstand-atlete. Tydens hierdie wedloop behaal Omphile 'n algehele eerste plek met 'n tyd van 00:33:42.2, terwyl die atleet in die tweede plek 'n tyd van 00:34:13.5 aangeteken het.

Omphile was ook ingesluit in die Sekhukhune-Suid Landloopspan wat aan die LIMSA Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe deelgeneem het op 13 September, waarna hy op 14 September aan die 21 km-afdeling van die Seshego Maraton in Polokwane deelgeneem het.

Hy het 'n uitstaande wedloop gehad en die algehele eerste plek in die o.19-afdeling verower met 'n indrukwekkende tyd van 1:21:06.



SENIOR SOKKERSPAN VERWERF DERDE PLEK TYDENS NYLIE KWAGGA-TOERNOOI

DIE SOKKERSEISOEN HET AMPTELIK AFGESKOP TYDENS DIE DERDE KWARTAAL.



Die sokkerseisoen het amptelik afgeskop tydens die derde kwartaal met 'n wegwedstryd teen SG College, waar die spelers die vrugte van hul deuglike voorbereiding, oefensessies en strategiese beplanning kon wys. Hierdie eerste wedstryd het die toon aangegee vir 'n seisoen vol groei en ontwikkeling.


Ons seniorspan het op Dinsdag, 12 Augustus 2025, in Toitskraal teen Elshadai Combined School te staan gekom. Ten spyte van 'n vasberade vertoning, het die wedstryd ongelukkig 3-1 in Elshadai se guns geëindig. Die Dallers het egter hul fokus vinnig verskuif na hul volgende uitdaging teen Dynamic Private High School, vasberade om sterker terug te kom.

'n Hoogtepunt volg toe beide ons junior- en seniorspanne op ons tuisveld teen Groblersdal Academy uitgedraf het. In 'n opwindende wedstryd het die seniorspan 'n welverdiende 2-1 oorwinning behaal, terwyl die juniorspan dapper geveg het, maar net-net met 1-2 verloor het.

Die daaropvolgende naweek het beide spanne aan die Nylie Kwagga Sokkertoernooi by Hoërskool Nylstroom deelgeneem. Ná 'n dag vol spanwerk en vasbyt, kon ons seniorspan 'n derde plek verower, terwyl die juniorspan knap in die vierde plek geëindig het.







PRYSSKIET 6

DIT WAS ONS VOORREG OM OP 25 EN 26 JULIE 2025 DIE SESDE PRYSSKIET-KOMPETISIE OP ONS TUISGRONDE TE KON AANBIED.

Dit was ons voorreg om op 25 en 26 Julie 2025 die sesde prysskietkompetisie op ons tuisgronde te kon aanbied.

Ons bedank graag vir Pieter van Rooyen van Coastal Hire Groblersdal, Wimpie en Sonette sowel as al die skuts, wat hulp verleen het om van die kompetisie 'n sukses te maak.

Vir prysskiet 6 is die uitslae as volg:

o.14: (42 skuts)

1. Storm Hewetson – 1268 uit 1600 – 6de;
2. Danelle van Wyk – 1173 uit 1600 – 15de;
3. Lizemari Erasmus – 1159 uit 1600 – 19de.

o.16: (54 skuts)

1. Caylin Sadie – 1333 uit 1600 – 14de;
2. Chrismari Erasmus – 1286 uit 1600 – 29ste;
3. Tiago Fernandes – 1278 uit 1600 – 32ste.

o.21: (29 skuts)

1. Ané Pretorius – 1329 uit 1600 – 17de;
2. Annemay O'Connell – 1118 uit 1600 – 28ste.



PRYSSKIET STREEKSKAMPIOENSKAPPE

DIE JAARLIKSE PRYSSKIET STREEKSFINAAL HET OP 8 EN 9 AUGUSTUS 2025 IN 'N KOUE WITBANK PLAASGEVIND. DIE SKUTS HET NIE NET AS INDIVIDUE MEEGEDING NIE, MAAR OOK IN SPAN VERBAND, EN PUIK PRESTEER.

Die jaarlikse Prysskiet Streeksfinaal het op 8 en 9 Augustus 2025 in 'n koue Witbank plaasgevind. Die skuts het nie net as individue meegeding nie, maar ook in span verband, en puiq presteer.

Die Individuele uitslae is as volg:

o.14:

1. Storm Hewetson – 1303 uit 1600 – 2de plek;
2. Lizemari Erasmus – 1274 uit 1600 – 5de plek;
3. Danelle van Wyk – 1169 uit 1600 – 9de plek.

o.16:

1. Caylin Sadie – 1362 uit 1600 – 2de plek;
2. Chrismari Erasmus – 1313 uit 1600 – 7de plek;
3. Tiago Fernandes – 1246 uit 1600 – 11de plek.

o.21:

1. Ané Pretorius – 1390 uit 1600 – 4de plek.

Die volgende skuts het Hoërskool Ben Viljoen ook in spanverband verteenwoordig:

o.21:

1. Ané Pretorius
2. Caylin Sadie
3. Chrismari Erasmus
4. Tiago Fernandes

Die o.21 span eindig in die 2de plek, en Hoërskool Ben Viljoen, as skool, eindig ook algeheel in die tweede plek.

MPUMALANGA PROVINSIALE PRYSSKIETFINAAL

DIE MPUMALANGA PROVINSIALE PRYSSKIETFINAAL HET OP 22 EN 23 AUGUSTUS 2025 OP ONS TUISGRONDE PLAASGEVIND.

Die Mpumalanga Provinsiale Prysskietfinaal het op 22 en 23 Augustus 2025 op ons tuisgronde plaasgevind. Ses van ons skuts is genooi om deel te neem, en hulle het ons skool en dorp met trots verteenwoordig. Daar was altesaam 109 skuts uit 11 skole, waarvan slegs 83 gekies kon word vir die provinsiale span wat Mpumalanga gaan verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vanaf 4–10 Oktober 2025.

Die uitslae is as volg:

o.14: (16 skuts)

1. Storm Hewetson – 1297 uit 1600 – 4de plek
2. Danelle van Wyk – 1272 uit 1600 – 8ste plek
3. Lizemari Erasmus – 1219 uit 1600 – 12de plek

o.16: (31 skuts)

1. Caylin Sadie – 1358 uit 1600 – 13de plek
2. Chrismari Erasmus – 1346 uit 1600 – 15de plek

o.21: (27 skuts)

1. Ané Pretorius – 1415 uit 1600 – 8ste plek

Baie geluk aan die volgende skuts wat ingesluit is in die Mpumalanga span en aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem:
Storm Hewetson, Caylin Sadie en Ané Pretorius.



TENNISSEISOEN GOED OP DREEF

DIE TENNISSEISOEN HET OP VRYDAG, 15 AUGUSTUS 2025, AMPTELIK BEGIN MET ONS EERSTE LIGAWEDSTRYDE WAT OP ONS TUISVELD PLAASGEVIND HET.



Die tennisseisoen het op Vrydag, 15 Augustus 2025, amptelik afgeskop met ons eerste ligawedstryde teen Hoërskool Ellisras op ons tuisbane. Ons spelers het van meet af hul stempel afgedruk en skoonheid gemaak: die eerste seunspan wen met 40 potte teenoor 3, die eerste dogterspan wen met 40 potte teenoor 4, terwyl die tweede seunspan 'n oorwinning van 34 potte teenoor 10 behaal.

Op Vrydag, 22 Augustus 2025, het ons Hoërskool Warmbad op ons bane aangevat en weer het al ons spanne sterk vertonings gelewer. Die eerste seunspan wen met 41-3, die eerste dogterspan met 'n indrukwekkende 43-0, en die tweede seunspan met 29-15.

Die daaropvolgende Vrydag, 29 Augustus 2025, het ons spanne in Mokopane kragte gemeet teen Hoërskool Piet Potgieter en Hoërskool Hans Strijdom.

Teen Hoërskool Piet Potgieter was dit 'n fees van oorwinnings met die eerste dogterspan wat wen met 42-1, terwyl die tweede dogterspan met 40-3 koning kraai. Die eerste seunspan wen met 27-16, terwyl die tweede seunspan met 31-12 wen. Teen Hoërskool Hans Strijdom is ons spanne egter meer getoets, maar het steeds sterk gestaan: ons eerste dogterspan wen oortuigend met 43-0, terwyl ons eerste seunspan met 26-17 wen. Ons tweede seunspan moes ongelukkig met 20-23 die knie buig





EERSTE DOGTERSTENNISSPAN AANGEWYS AS WATERBERG WENNERS

**ONS EERSTE DOGTERSPAN WORD NA AFLOOP VAN HIERDIE LAASTE WEDSTRYD
GEKROON AS DIE WATERBERGWENNERS, TERWYL DIE EERSTE SEUNSPAN AS
WATERBERGNAASWENNERS GEËINDIG HET**



Die laaste ligawedstryde van die seisoen het op Vrydag,
5 September 2025, plaasgevind teen Hoërskool
Nylstroom op ons tuisbane.

Die eerste dogterspan het met 31-12 gewen, maar beide
ons seunspanne moes die knie buig: die eerste
seunspan verloor met 24-34, terwyl die tweede
seunspan ongelukkig 18-25 verloor.

Ten spyte van hierdie uitslae, het ons spanne groot
sukses behaal gedurende die seisoen.

Ons eerste dogterspan word na afloop van hierdie
laaste wedstryd gekroon as die Waterbergwenners,
terwyl die eerste seunspan as Waterbergnaaswenners
geëindig het – 'n prestasie waarop ons ongelooflik trots
is.







DIE AVS BOKKIEWEEK HET TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE (VANAF 7-11 JULIE) IN NABOOMSPRUIT, BY HOËRSKOOI HANS STRIJDOM, PLAASGEVIND.

Die AVS Bokkieweek het tydens die skoolvakansie (vanaf 7-11 Julie) in Naboomspruit, by Hoërskool Hans Strijdom, plaasgevind.

Elf van ons hokkiespelers het in die onderskeie ouderdomsgroepe van die Verre-Noord en Transvaalspanne deelgeneem, terwyl sestien van ons rugbyspelers vir onderskeidelik Verre-Noord, Verre-Noord Kavaliers, Transvaal, Natal en die Griekwas uitgedraf het.

Die volgende leerders het vir Verre-Noord gespeel:

Dogtershokkie:

Nadia Janse van Rensburg, Clarien van der Walt, Jaydene Cloete, Anné Marais, Chanté van Staden en Edunette Kriel

Seunshokkie:

JP Heyns, Elrich Gouws en Jurihan Swart

Rugby:

Jaco Botha, Jac-Johan Gouws, Jacobus Lewies en Quintin

Hauptfleisch

Die volgende leerders het vir die Verre-Noord Kavaliersspan uitgedraf:

Nico Botha en Johannes Cross





AVS BOKKIEWEEK

DIE AVS BOKKIEWEEK HET TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE (VANAF 7-11 JULIE) IN NABOOMSPRUIT, BY HOËRSKOOL HANS STRIJDOM, PLAASGEVIND.



Die volgende leerders het vir Transvaal uitgedraf:

Dogtershokkie:

Denise van der Walt en Lanél Coetzee

Rugby:

Bernard van Blerk, Eben Oosthuizen, Hugo Lourens, Xander Snyman en Christiaan van Heerden


Die volgende leerders het vir Natal uitgedraf:

Janik Brits, Stiaan Jonck, Nathan Boucher en Hanru van den Bergh

Francois Seyffert het vir die **Griekwas** uitgedraf

Na afloop van dié week, is die volgende leerders in die Suid-Afrikaanse Bokkiespanne ingesluit:

Nadia Janse van Rensburg - Suid-Afrikaanse Bokkiespan
Edunette Kriel - Presidentspan



DUBBEL-GOUD VIR WJ BY SUID- AFRIKAANSE KAMPIOEN- SKAPPE

WJ Pieterse het op 19 en 20 Julie 2025 deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Ope Taekwon-Do Kampioenskappe wat in Johannesburg aangebied is. Tydens die kampioenskappe het hy uitmuntend presteer deur goud in Team Patterns, sowel as goud in Patterns te verwerf.

Pieterse se deelname en puik prestasies tydens hierdie nasionale toernooi is 'n groot mylpaal en 'n bewys van sy harde werk en toewyding aan die sport.



JANIK INGESLUIT IN BLITZ PANTHERS SEWESSPAN

Ons is baie trots om aan te kondig dat Janik Brits, een van ons huidige Graad 12-leerders, gekies is vir die Blitz Panthers Sewesrugby toerspan na die Dubai Internasionale Sewestoernooi.

Hierdie toernooi vind vanaf 26 November tot 3 Desember 2025 plaas.



ANNÉ AANGEWYS AS BESTE BAANATLEET TYDENS VIERDE TWEEKAMP- BYEENKOMS

Annè Marais het Saterdag, 20 September 2025, deelgeneem aan die vierde Tweekamp-ligabyeenkoms wat by Hoërskool Merensky in Tzaneen plaasgevind het.

Annè neem in die o.19-ouderdomsgroep deel alhoewel sy nou eers o.16 is, en verwerf 'n algehele eerste plek in haar ouderdomsgroep. Sy word ook aangewys as die beste baanatleet van die dag.



SWEMMERS PRESTEER TYDENS DERDE KWARTAAL



Simone Theron en Altus Venter het hul talente ten toon gestel tydens die Age Group 3 swemgala wat in Potgietersrus (Mokopane) plaasgevind het.

Simone het eerste plekke verower in haar items, die 100m vryslag, borsslag, vlinderslag, sowel as die 200m individuele wisselslag. Altus het op sy beurt ook uitstekende uitslae behaal met eerste plekke in die 100m rugslag en borsslag, asook tweede plekke in die 100m vryslag en 200m individuele wisselslag.



Mighael Alberts, Simone Theron en Altus Venter was ingesluit in die Limpopo-span wat aan 'n Inter-Provinsiale swemgala in Nelspruit gaan deelneem het. Simone het egter onttrek van die gala, maar Mighael en Altus het uitstekend gevaar en gewys dat hulle harde werk gedurende oefensessies inderdaad vrugte werp.



Mighael verwerf eerste plekke in die 100m vlinderslag en 100m rugslag, asook tweede plekke in die 100m vryslag, 200m wisselslagaflos en 200m vryslagaflos.

Altus verwerf tweede plekke in die 100m borsslag, 200m individuele wisselslag, 200m wisselslagaflos en 200m vryslagaflos. Hy verwerf ook 'n derde plek in die 100m rugslag en 'n vyfde plek in die 100m vryslag.



BOSVELD INTERHOËR SWEMGALA

Op Dinsdag, 24 September, het ons swemspan deelgeneem aan die Interhoër Swemgala wat by Hoërskool Frikkie Meyer in Thabazimbi aangebied is.

Met groot toewyding en deursettingsvermoë het ons swemmers uitmuntend presteer en 'n algehele tweede plek verower met 'n indrukwekkende totaal van 1655 punte. Die wenner van die dag, Hoërskool Piet Potgieter, het eerste geëindig met 1755 punte.

Ons dogterspan word aangewys as die wenners van die dag, terwyl Mighael Alberts en Simoné Theron die toekennings ontvang as die onderskeie senior Victor- en Victrix Ludorums, met Odette Upton wat spog as die Junior Victrix Ludorum. Mighael Alberts ontvang ook die Hy-Tek Individuele prestasie toekenning.



PERDERUITERS INGESLUIT IN PROVINSIALE LIMPOPO-SPAN

ONS IS ONGELOOFLIK TROTS OM AAN TE KONDIG DAT VERSKEIE VAN ONS RUITERS GEKIES IS OM LIMPOPO TYDENS DIE KOMENDE NASIONALE KAMPIOENSKAPPE TE VERTEENWOORDIG

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat verskeie van ons ruiters gekies is om Limpopo tydens die komende Nasionale Kampioenskappe te verteenwoordig:

- Leeyah en Faseeha Rahim Bhikhoo is ingesluit in die SANESA Limpopo-span wat van 3 tot 12 Oktober 2025 by Kyalami Park Klub gaan deelneem.
- Denise van der Walt is ingesluit in die SANESA Limpopo-span na haar uitstekende deelname aan die Western Mounted Games deur die jaar. Sy neem van 6 tot 10 Oktober 2025 deel by die Afridome in Parys.
- Elrie Enslin is ingesluit in die Western Mounted Games Limpopo Vlak 2-span, wat ook van 6 tot 10 Oktober 2025 by die Afridome in Parys gaan deelneem.

Baie geluk aan hierdie talentvolle ruiters! Julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë word beloon. Ons wens elkeen van julle alle sterkte toe met die voorbereiding en deelname – gaan wys julle staal!



KRIEKETSEISOEN 2025

Vanjaar se krieketseisoen het afgeskop met ons eerste seunskrieketspan wat 'n vriendskaplike krieketwedstryd teen HTS Middelburg op hulle tuisveld gespeel het. HTS Middelburg het eerste gekolf en kon daarin slaag om 214 lopies vir die verlies van al tien paaltjies aan te teken. Chris Jordaan neem een paaltjie en staan slegs 34 lopies af, terwyl Jac-Johan Gouws twee paaltjies neem en 54 lopies afstaan.

Die Dallers het egter uitgeblink tydens ons kolfbeurt en teken 216 lopies aan vir die verlies van slegs vier paaltjies. Jaco van der Westhuyzen moker 80 lopies, nie uit nie, terwyl Limni-Lu Heswick 45 lopies aanteken, nie uit nie.

Tydens die **eerste ligawedstryd** vir die seisoen, het ons o.15 en eerste krieketspanne te staan gekom teen Hoërskool Nylstroom.

Uitslae:

o.15

Hoërskool Nylstroom - 151 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 152 lopies vir die verlies van ses paaltjies

Uitbinker: Ismaeel Patel - 41 lopies van 47 balle





KRIEKETSEISOEN 2025



Uitslae:

1ste Span

Hoërskool Ben Viljoen - 258 lopies vir die verlies van nege paaltjies

Hoërskool Nylstroom - 214 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Uitblinkers: Leeroy Alexander - 50 lopies van 38 balle

Wihan Alberts - 50 lopies van 80 balle

Chris Jordaan - 5 paaltjies vir 38 lopies

Jaco van der Westhuyzen - 3 paaltjies vir 35 lopies

Tydens die **tweede ligawedstryd** vir die seisoen, het ons o.15 en eerste krieketspanne te staan gekom teen Hoërskool Hans Strijdom.

Uitslae:

o.15

Hoërskool Hans Strijdom - 74 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 75 lopies vir die verlies van vyf paaltjies

Uitblinkers: Ismaeel Patel - 5 paaltjies vir 15 lopies

Philani Siguqa - 20 lopies van 14 balle



KRIEKETSEISOEN 2025

Uitslae:

1ste Span

Hoërskool Hans Strijdom - 126 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 127 lopies vir die verlies van vier paaltjies

Uitblinkers: Chris Jordaan - 3 paaltjies

Leeroy Alexander - 3 paaltjies

Jaco van der Westhuyzen - 51 lopies van 60 balle

Tydens die **derde ligawedstryd** vir die seisoen, het ons o.15 en eerste kriketspanne te staan gekom teen Hoërskool Frikkie Meyer.

Uitslae:

o.15

Hoërskool Frikkie Meyer - 127 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 128 lopies vir die verlies van nege paaltjies

Uitblinkers: Ismaeel Patel - 3 paaltjies

Bernu Eksteen - 3 paaltjies

Erich Gouws - 3 paaltjies

Ethan Petersen - 48 lopies van 37 balle





KRIEKETSEISOEN 2025



Uitslae:

1ste Span

Hoërskool Frikkie Meyer - 259 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 262 lopies vir die verlies van ses paaltjies

Uitblinkers: Chris Jordaan - 3 paaltjies vir 22 lopies

Jac-Johan Gouws - 2 paaltjies

Leeroy Alexander - 2 paaltjies

Jaco van der Westhuyzen - 112 lopies van 106 balle

Tydens die **vierde ligawedstryd** vir die seisoen, het ons o.15 en eerste krieketspanne te staan gekom teen Hoërskool Elliras.

Uitslae:

o.15

Hoërskool Ben Viljoen - 291 lopies vir die verlies van drie paaltjies

Hoërskool Elliras - 74 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Uitblinkers: Ethan Petersen - 119 lopies van 79 balle

Bernu Eksteen - 80 lopies van 58 balle

Hanif Dhanchora - 2 paaltjies

Bernu Eksteen - 2 paaltjies

Lian Jordaan - 2 paaltjies



KRIEKETSEISOEN 2025

Uitslae:

1ste Span

Hoërskool Ellisras - 106 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 109 lopies vir die verlies van drie paaltjies

Uitblinkers: Limni-Lu Heswick - 3 paaltjies vir 21 lopies

Jac-Johan Gouws - 3 paaltjies vir 23 lopies

Limni-Lu Heswick - 48 lopies van 29 balle

Tydens die **semi-finaal van die Limpopoliga**, het ons eerste krieketspan te staan gekom teen Southern Cross van Hoedspruit.

Uitslae:

Hoërskool Ben Viljoen - 202 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Southern Cross - 48 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Uitblinkers: Chris Jordaan - 59 lopies van 79 balle

Jac-Johan Gouws - 51 lopies van 60 balle

Chris Jordaan - 3 paaltjies

Limni-Lu Heswick - 3 paaltjies

Juan Niemann - 2 paaltjies





KRIEKETSEISOEN 2025



Tydens die **semi-finaal van die Limpopoliga**, het ons o.15 krieketspan te staan gekom teen HTS Tom Naude van Polokwane.

Uitslae:

HTS Tom Naude - 184 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Ben Viljoen - 146 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Uitblinkers: Bernu Eksteen - 4 paaltjies

Elrich Gouws - 4 paaltjies

Philani Siguqa - 35 lopies van 47 balle

Tydens die **finaal van die Limpopoliga**, het ons eerste krieketspan te staan gekom teen Hoërskool Nylstroom.

Uitslae:

Hoërskool Ben Viljoen - 216 lopies vir die verlies van tien paaltjies

Hoërskool Nylstroom - 200 lopies vir die verlies van tien paaltjies


Uitblinkers: Jaco van der Westhuyzen - 51 lopies

Limni-Lu Heswick - 42 lopies

Chris Jordaan - 2 paaltjies

Dillan Britz - 2 paaltjies

Leeroy Alexander - 2 paaltjies



ONDERSTEUNERSPLAKKAAT-KOMPETISIE



BAIE GELUK AAN RIHANNA MAUNATLALA, KHAYA NKOSI, MOSHOPIADI NCHABELENG EN BONTLE MKWANAZI WAT MET HULLE UITERS KREATIEWE PLAKKAAT AS DIE WENNERS AANGEWYS IS!



Met die Limpopo krieketfinaal wat op ons tuisveld plaasgevind het, het ons 'n opwindende plakkaatkompetisie geloods om ons spangees te vier en ons spelers aan te moedig.

Baie geluk aan Rihanna Maunatlala, Khaya Nkosi, Moshopiadi Nchabeleng en Bontle Mkwanaazi wat met hulle uiters kreatiewe plakkaat as die wenners aangewys is!

Hulle ontvang 'n Hennies geskenkbewys – 'n welverdiende beloning vir hulle uitstekende werk.

'n Groot dankie aan Hennies Groblersdal vir hulle ondersteuning en samewerking – julle betrokkenheid maak 'n werklike verskil!

KRIKETTOERSPAN AANGEKONDIG TYDENS ELEGANTE FUNKSIE



ONS EERSTE KRIKETSPAN WAT VANAF 1-8 OKTOBER 2025 NA HOËRSKOOL DIE PUNT IN MOSSELBAAI TOER, IS TYDENS 'N PRESTIGE FUNKSIE BY DIE RAASBLAAR BEKENDGEMAAK.



Ons eerste krieketspan wat vanaf 1-8 Oktober 2025 na Hoërskool Die Punt in Mosselbaai toer, is tydens 'n prestige funksie by Die Raasblaar bekendgemaak.

Baie geluk aan die volgende spelers wat ons skool met trots gaan verteenwoordig:

Jaco van der Westhuyzen, Leeroy Alexander, Chris Jordaan, Zeagan Groenewald, Wihan Alberts, Jac-Johan Gouws, Gerhard Grobler, Limni-Lu Heswick, Juan Niemann, Adrian Blake, Sebastiaan van der Merwe en Dillan Britz.

'n Toer van hierdie omvang is slegs moontlik met die ondersteuning van lojale borge. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek aan die volgende besighede en individue wat hierdie toer, asook geskenkpakkies wat die spelers ontvang het, moontlik maak:

Louise Otto Rekenmeesters
Mercia Gouws Eiendomme
Kolobe Safaris
Viking Bemarking
Pieradel Eiendomme
Black Tip Drilling
Bondi Blu Sonbrille
Marble Hall Aptek
Oasis Water
Infinito Safaris

GoGo groep
Schoonbee Landgoed
Roslé Boerdery
Diphale Citrus
AgriMark Marble Hall
Mnr Karl Enslin
Lona Sitrus

DOGTERSKRIEKETSEISOEN 2025



Ons dogterskrieketspan se liga het amptelik op 21 Augustus begin met die eerste wedstryd teen Hoërskool Frikkie Meyer. Ons dogters het moedig teruggeveg tydens ons kolfbeurt, maar ongelukkig die wedstryd verloor. Kamo Shadung, Danielle Wessels en Danelle Hall slaag elkeen daarin om 'n paaltjie te neem tydens ons boulbeurt, terwyl Alexia Paissopoulos uitblink met die kolf.

Tydens die tweede ligawedstryd wat op 26 Augustus 2025 plaasgevind het teen Hoërskool Nylstroom, het ons dogters moedig teruggeveg tydens ons kolfbeurt, maar ongelukkig die wedstryd verloor met 5 lopies. Danelle Hall blink uit tydens haar boulbeurt met twee paaltjies vir die verlies van slegs 19 lopies, terwyl Danielle Seyffert uitblink met die kolf en 36 lopies moker van 47 balle.

Op Donderdag, 28 Augustus 2025, het ons dogters egter die bordjies verhang teen Hoërskool Ellisras tydens die derde ligawedstryd van vanjaar se seisoen. Tydens ons kolfbeurt teken ons dogters 129 lopies vir die verlies van agt paaltjies aan in die 20 beurte, met Danelle Hall wat 33 lopies van 33 balle aanteken. Hoërskool Ellisras veg moedig terug, maar kon slegs daarin slaag om 84 lopies aan te teken in die 20 beurte, met Danelle Hall, Alexia Paissopoulos en Danielle Wessels wat elk twee paaltjies neem.



DOGTERSKRIEKETSEISOEN 2025



Op 3 September 2025 het ons dogterspan teen Mahwelereng te staan gekom in die vierde ligawedstryd. Tydens ons kolfbeurt teken ons dogters 136 lopies vir die verlies van slegs twee paaltjies aan, met Liliana Janse van Rensburg wat 'n allemintige 69 lopies van slegs 58 balle moker. Tydens Mahwelereng se kolfbeurt kon hulle slegs daarin slaag om 68 lopies vir die verlies van nege paaltjies aan te teken, met Hope Matsetela wat uitblink met die bal en drie paaltjies vir die verlies van slegs 15 lopies vat, terwyl beide Alexia Paissopoulos en Danielle Wessels elk twee paaltjies plattrek.

Die vyfde ligawedstryd het op 10 September 2025 plaasgevind teen Hoërskool Hans Strijdom.

Tydens ons kolfbeurt, teken ons dogters 138 lopies vir die verlies van slegs drie paaltjies aan. Lilliana Janse van Rensburg, Danelle Hall en Danielle Wessels moker elk 25 lopies, met Lilliana wat daarin slaag om dit van slegs 18 balle aan te teken.

Ons Dallerboulers laat val al tien Hoërskool Hans Strijdom se paaltjies vir slegs 57 lopies in 13 beurte. Alexia Paissopoulos blink uit tydens ons boulbeurt en vat vier paaltjies vir slegs 19 lopies, terwyl Danelle Hall twee paaltjies laat kantel.





Kultuur

KULTUURWEEK 2025

VANJAAR SE KULTUURWEEK BY HOËRSKOOI BEN VILJOEN WAS WEER EENS 'N VIERING VAN TALENT, KREATIWITEIT EN TROTS. ELKE AFDELING HET SY EIE UNIEKE FLAIR NA VORE GEBRING, EN DIE ENTOESIASME VAN ONS LEERDERS HET DIE SKOOLTERREIN LAAT BRUIS VAN ENERGIE EN INSPIRASIE.





Vanjaar se Kultuurweek by Hoërskool Ben Viljoen was weer eens 'n viering van talent, kreatiwiteit en trots. Elke afdeling het sy eie unieke flair na vore gebring, en die entoesiasme van ons leerders het die skoolterrein laat bruis van energie en inspirasie.

Die Sang- en Musiekafdeling het ná skool plaasgevind en was een van die week se besonderse hoogtepunte. Met 'n rekordgetal inskrywings het Dallers hul musikale en vokale talente met trots ten toon gestel. Die onderskeie lokale was gevul met entoesiasme en waardering vir die kunste, en dit was duidelik dat kreatiwiteit en passie lewendig floreer onder ons leerders.

Net soos in die musiekafdeling, het die Dansafdeling die beoordelaars behoorlik na hulle asems laat snak. Deelnemers het met energie, selfvertroue en flair opgetree, en elke vertoning was 'n viering van toewyding en talent. Dit was inspirerend om te sien hoe leerders hulself uitdruk deur beweging en ritme – 'n ware toonbeeld van selfvertroue en artistieke vryheid.

Die Blokskilder-afdeling het die vierkant omskep in 'n lewendige doek van kleur en kreatiwiteit. Leerders het saamgewerk om treffende blokkuns-ontwerpe te skep volgens die temas "Wonderful Animals/Birds" en "Fabulous Cartoons." Wat hierdie afdeling so besonders maak, is dat dit nie net oor kuns gaan nie – dit verteenwoordig samewerking, trots en die vreugde om iets te skep wat deur ander waardeer word.



KULTUURWEEK 2025




VANJAAR SE KULTUURWEEK BY HOËRSKOOI BEN VILJOEN WAS WEER EENS 'N VIERING VAN TALENT, KREATIWITEIT EN TROTS. ELKE AFDELING HET SY EIE UNIEKE FLAIR NA VORE GEBRING, EN DIE ENTOESIASME VAN ONS LEERDERS HET DIE SKOOLTERREIN LAAT BRUIS VAN ENERGIE EN INSPIRASIE.

Gedurende pouse, op 7 Augustus 2025, het leerders mekaar behoorlik uitgedaag in die Algemene Kennis-afdeling. Deelnemers het in groepe deelgeneem en moes vrae beantwoord wat oor 'n wye spektrum onderwerpe gestrek het – van algemene feite tot uitdagende kopkrappers. Die kompetisie was nie net leersaam nie, maar het ook vir baie lag en opwinding gesorg.

Die Fotografie-afdeling het gefokus op die tema “Vreugde”, en dit was duidelik dat elke deelnemer dié konsep op 'n unieke en persoonlike manier geïnterpreteer het. Die inskrywings is in drie onderafdelings beoordeel: Portretstudies, Landskappe en Diere. Met 'n rekordgetal deelnemers en uitsonderlike inskrywings, het die beoordelaars behoorlik kopgekras om wenner aan te wys.

Die Kultuurweek het weereens bewys dat Hoërskool Ben Viljoen se leerders oor 'n ryke verskeidenheid talente beskik – van musiek en dans tot kuns, kennis en fotografie. Dit is hierdie gees van deelname, kreatiwiteit en samewerking wat die Dallers gemeenskap só besonders maak.







NDLOVU JEUGKOOR

**BESOEK HOËRSKOOI BEN VILJOEN AS DEEL VAN HULLE
PROMOSIEVELD TOEG TEN OPSIGTE VAN HULLE ERFENISTOER**




Die Ndlovu Jeugkoor bring Afrika se hartklop na die wêreld - en na Groblersdal!

Die wêreldbekende, veelbekroonde Ndlovu Jeugkoor het op 12 Augustus 2025 tydens pouse by Hoërskool Ben Viljoen kom kuier!

Ons leerders het die trots, vreugde en energie van hierdie besondere koor eerstehands ervaar.

Die koor het onder andere aan America's Got Talent deelgeneem en op van die wêreld se mees ikoniese verhoë opgetree, insluitend Carnegie Hall (New York), North Sea Jazz Festival (Rotterdam), Berlin Philharmonie (Berlyn), Disney Epcot Centre (Orlando) en die Dolby Theatre (Los Angeles)





NDLOVU JEUGKOOR ERFENISTOER

**OP SATERDAG, 6 SEPTEMBER 2025, HET DIE WÊRELDBEKENDE
NDLOVU JEUGKOOR DIE GEHOOR BY HOËRSKOOI BEN VILJOEN
BEKOOR EN 'N ONVERGEETLIKE AAND AAN DIE GEMEENSKAP GEBIED
AS DEEL VAN HULLE 'HERITAGE TOUR'.**


Op Saterdag, 6 September 2025, het die wêreldbekende Ndlovu Jeugkoor die gehoor by Hoërskool Ben Viljoen bekoor en 'n onvergeetlike aand aan die gemeenskap gebied as deel van hulle 'Heritage Tour'.

Die koor, wat bekend is vir hul unieke vermenging van Afrikamusiek, moderne klanke en energieke dansbewegings, het die verhoog gevul met lewenslus, ritme en sielvolle harmonieë.

Die konsert het 'n fees van kleur, klank en kultuur gebied. Met hul kenmerkende styl het die koor nie net hul stemme laat weerklink nie, maar ook hul passie en hoop met die gehoor gedeel.

Bekende internasionale en plaaslike treffer is vertolk, telkens met 'n vars en inspirerende aanslag wat die gehoor op hul voete gehad het.

Hoërskool Ben Viljoen is trots dat ons die gasheer van hierdie besondere gebeurtenis kon wees. Vir die leerders, ouers en gemeenskap was dit 'n geleentheid om nie net 'n wêreldklas-koor in aksie te beleef nie, maar ook om saam te vier dat talent, dissipline en drome grense kan oorstek.





ONS TONEELGROEP BIED AAN:

FLITS



Hoërskool Ben Viljoen se talentvolle toneelspan het dag-in en dag-uit kliphard voorberei vir die verskeie kompetisies se uitdunrondtes wat tussen Julie en Augustus plaasgevind het. Dié groep passievolle akteurs en tegniese spanlede was gretig om hul talent op die planke te wys.

Die eerste hoogtepunt op die 2025-kalender was die Allegretto Toneelfees, wat op 23 Julie plaasgevind het by die Springs Ken Gampu Teater.

Met hul kenmerkende styl, energie en toewyding het ons toneelgroep se optrede die gehoor se hartsnare geroer met die rou emosies in Flits, geskryf deur Inamari.

Hulle verwerf die volgende toekennings:

Silwer vir Tegniese Aspekte

Maggie French, Ankia Blok en Kiara du Toit verwerf goud vir Verhoogbestuur

Zenobia van der Westhuizen en Lily Steyn verwerf goud vir Verhooghulp

Shawn Govender verwerf brons vir die samestelling van die Klank, asook 'n silwer vir sy rol as Klankoperateur

Jadin Klopper verwerf silwer as Beligtingsoperateur

Lily Steyn verwerf brons vir die Dekor, asook silwer vir die Kostuums en goud vir Grimering

Flits as produksie-self verwerf brons, asook silwer vir Ensemble

Carlia Kirchner verwerf silwer vir haar spel as Shira

KJ Briel verwerf brons vir sy spel as een van die vuurvliegies



ONS TONEELGROEP BIED AAN:

FLITS

Ons toneelgroep het op 1 Augustus 2025 aan die ATKV Tienertoneel se streeksfees, by die UNISA Kleinteater in Pretoria, deelgeneem met die toneelstuk Flits.

Met hul kenmerkende styl, energie en toewyding het ons toneelgroep se optrede die gehoor se hartsnare geroer met die rou emosie van hierdie toneelstuk.

Hulle verwerf die volgende toekennings:

Die Ensemble, asook die spelers, verwerf brons
Jadin Klopper, beligtingsoperateur, en Shawn
Govender, klankoperateur, verwerf silwer vir die
Tegniese Aspekte
Maggie French verwerf goud as
Verhoogbestuurder







ONS TONEELGROEP BIED AAN:

FLITS



Ons toneelgroep het op 5 Augustus 2025 aan die Aardklop Pronkpodium se streeksfees, by die HTS Witbank, deelgeneem.

Hulle verwerf die volgende toekennings:

Jadin Klopper: Silwer vir Beligtingsontwerp en Brons vir Beligtingsoperateur

Carlia Kirchner: Silwer vir Spel

Shawn Govender: Brons vir Klankontwerp en as Klankoperateur

Zenobia van der Westhuizen: Brons vir Kostuumontwerp

Ensemble: Brons

Teks: Silwer

Hulle het ook op 9 Augustus 2025, oftewel Vrouedag, aan die Interhoër toneelkompetisie deelgeneem by Hoërskool Frikkie Meyer.

Die deelnemende skole het behoorlik die verhoog aan die brand gespeel om as die beste in die Bosveld gekroon te word.

Hierdie was ons toneelspan se laaste optrede vir die toneelseisoen wat hulle op 'n groot hoogtepunt afgesluit het. Vanjaar verwerf ons 'n algehele tweede plek, asook die toekenning vir die beste Ensemble-spel.

ONS TONEELGROEP BIED AAN:

FLITS

Tydens die semi-finaal van die eerste week van die FAK Allegretto Toneelfees, is Lily Steyn aangewys as die beste grimeerkunstenaar/ontwerper van die week.

Lily is 'n gewaardeerde lid van die tegniese span agter Flits, waar haar kreatiwiteit en tegniese vaardighede 'n indruk maak en grootliks bydra tot die produksie se sukses op die verhoog.



Tydens die ATKV Tienertoneel Gauteng Streeksfees 1, wat plaasgevind het gedurende die week van 28 Julie, is Maggie French aangewys as Beste Verhoogbestuurder van die week!

Ons is ongelooflik trots op Maggie se toewyding en professionele hantering agter die skerms – 'n onmisbare rol in die sukses van enige produksie.



ONS TONEELGROEP BIED AAN:

FLITS

Tydens die Bosveld Interhoër Toneelkompetisie wat Saterdag, 9 Augustus 2025, plaasgevind het, is Chenél Grundling aangewys as die beste aktrise uit Hoërskool Ben Viljoen.

Chenél het die rol vertolk van Cecelia, 'n 68-jarige inwoner van Williston, Shira se mentor en "tweede ma". Die een wie haar aanmoedig om die droogte in haar lewe te stop en haar drome na te jaag.





INTERHOËR REDENAARS

TYDENS DIE INTERHOËR REDENAARS WAT OP 8 AUGUSTUS 2025 PLAASGEVIND HET BY HOËRSKOOI FRIKKIE MEYER, HET ONS DALLER-SPREKERS MET SELFVERTROUE EN INSIG DIE BEOORDELAARS VAN HULLE STANDPUNTE OORREED.

Tydens die Interhoër Redenaars wat op 8 Augustus 2025 plaasgevind het by Hoërskool Frikkie Meyer, het ons Daller-sprekers met selfvertroue en insig die beoordelaars van hulle standpunte oorreed.

Emma-Lee van der Westhuyzen verwerf 'n tweede plek in die voorbereide afdeling vir junior Huistaalsprekers, terwyl Princess Moema 'n tweede plek verwerf in die junior Eerste Addisionele Taal-afdeling. Tebogo Mathunyane het tydens hierdie kompetisie 'n derde plek in die junior Eerste Addisionele Taal-afdeling verwerf.

Beide ons junior- en senior redenaars eindig in die derde plek.





ATKV REDENAARS 2025

ATKV-REDENAARS BIED LEERDERS DIE GELEENTHEID OM MET SELFVERTROUW HUL SÊ TE SÊ IN AFRIKAANS – 'N VAARDIGHEID WAT HULLE EENDAG AAN DIE VOORPUNT VAN HUL VELD KAN PLAAS.



ATKV-Redenaars bied leerders die geleentheid om met selfvertroue hul sê te sê in Afrikaans – 'n vaardigheid wat hulle eendag aan die voorpunt van hul veld kan plaas.

Hierdie gesogte kompetisie is een van die oudste van die ATKV en word landwyd, sowel as in Namibië, aangebied.

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat Nomthandazo Mabuza 'n nasionale negende plek verwerf het in die Afrikaans Eerste Addisionale Taal onvoorbereide-afdeling vir Graad 10 tot Graad 12-leerders.

Hierdie nasionale finaal het vanaf 5 tot 6 Augustus 2025 by die ATKV-Goudini-oord plaasgevind.



INTERHOËR SKAAK

SKAAK IS EEN VAN DIE OUDSTE SPELETJIES IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE WÊRELD, DIT IS EGTER MEER AS NET 'N SPEL; DIT IS 'N PLATFORM VIR DIE ONTWIKKELING VAN KRITIESE DENKE, PROBLEEMOPLOSSINGSVAARDIGHEDE EN STRATEGIESE BEPLANNING.


Skaak is een van die oudste speletjies in die geskiedenis van die wêreld, dit is egter meer as net 'n spel; dit is 'n platform vir die ontwikkeling van kritiese denke, probleemoplossingsvaardighede en strategiese beplanning.

Ons skaakspan het op 8 Augustus 2025 aan die Bosveld Interhoër-kompetisie by Hoërskool Frikkie Meyer, in Thabazimbi, deelgeneem.

Tydens hierdie kompetisie verwerf ons 'n algehele sesde plek met drie bordwenners!

Baie geluk aan, onderskeidelik, Tshepang Matsepe en Thato Mphahlele, wat as bordwenners gekroon is, terwyl Thato Mathabathe 'n derde plek op sy bord verwerf.





“The board may be small, but the lessons are vast. Every move in chess, like every decision in life, shapes the path ahead.”



KAYLEE BLINK UIT OP KULTUURVLAK



KAYLEE ENGELBRECHT HET GEDURENDE DIE DERDE KWARTAAL UITGEBLINK IN VERSKEIE KULTUURKOMPETISIES, WAT INSLUIT DIE MARSHMALLOW EXCELLO MELODIEKOMPETISIE, TALENT AFRICA, ASOOK DIE LALT THEATRE EISTEDDFOD EN DIE GOLD PLATE EISTEDDFOD-KOMPETISIES.



Kaylee Engelbrecht het gedurende die derde kwartaal uitblink in verskeie kultuurkompetieses, wat insluit die Marshmallow Excello Melodiekompetiese, Talent Africa, asook die LALT Theatre Eisteddfod en die Gold Plate Eisteddfod-kompetieses.

Tydens Marshmallow Excello se Melodiekompetiese. verwerf sy 'n goud (A+) vir haar Afrikaanse liedjie-inskrywing, terwyl sy provinsiale kleure verwerf het gedurende die Talent Africa-streeksuitdunne.

Sy stap weg met hoë goud in beide haar items - vir onderskeidelik haar eie komposisie, asook 'n sangitem, en dring deur na die nasionale rondte wat vanaf 1 tot 9 Oktober plaasvind.

Met haar deelname aan die onderskeidelike LALT Theatre Eisteddfod en die Gold Plate Eisteddfod, waar sy vir beide 'n Afrikaanse instrumentele sangitem ingeskryf het, behaal sy uitmuntende uitslae deur vir die LALT Theatre Eisteddfod 94%, oftewel 'n A++ te verwerf en 96%, oftewel, A+++ tydens die Gold Plate Eisteddfod te verwerf.

ANZELLE BLINK UIT BY TALENT AFRICA

Anzelle de Jager het tydens die streeksuitdunne van Talent Africa provinsiale kleure in al vyf haar items verwerf. Sy stap weg met goud in formele- en informele modelwerk, asook hoë silwer in moderne-, kontemporêre-, en hip-hop dans.

Sy dring ook deur na die nasionale rondte wat vanaf 1 tot 9 Oktober plaasvind



MNR EN MEJ KOSHUIS 2025



HUIS CHERIÉ- EN BOOMHUIS-KOSHUISE HET TYDENS DIE DERDE KWARTAAL HULLE JAARLIKSE MNR & MEJ KOSHUIS AANGEBIED.



Huis Cherié- en Boomhuis-koshuise het tydens die derde kwartaal hulle jaarlikse Mnr & Mej Koshuis aangebied.

Hierdie aand was beslis 'n hoogtepunt op al die inwoners se lysie, en leerders wat nie normaalweg in die kollig wil verskyn nie, het hulle beste klere afgestof om deel van hierdie tradisie te wees!

Ons bedank graag almal wat hierdie aand moontlik gemaak het, in besonder ook die gemeenskapslede wat bygedra het, sonder julle sou hierdie funksie beslis nie so spesiaal gewees het nie.

Ons kondig met trots die weners van hierdie funksie aan:

Mnr Koshuis: Hugo Lourens

Mej Koshuis: Jaydéne Cloete

1ste Prins: Janik Brits

1ste Prinses: Ané Botha

2de Prins: Kobus Schabort

2de Prinses: Carlia Kirchner



CINEMATIC ADVENTURE

MNR & MEJ BEN VILJOEN

MET FRANCOIS JACOBS



16 OKTOBER 2025
17:30 VIR 18:00
HOËRSKOOL BEN VILJOEN SKOOLSAAL




MNR EN MEJ BEN VILJOEN 2025




IN AANLOOP TOT DIE MNR EN MEJ BEN VILJOEN-FUNKSIE WAT OP 16 OKTOBER 2025 PLAASVIND, BEDANK ONS GRAAG DIE VOLGENDE GEMEENSKAPSLEDE WAT BYGEDRA HET TOT DIE ONGELOOFLIKE FOTO'S VAN ONS FINALISTE.



In aanloop tot die Mnr en Mej Ben Viljoen-funksie wat op 16 Oktober 2025 plaasvind, bedank ons graag die volgende gemeenskapslede wat bygedra het tot die ongelooflike foto's van ons finaliste:

- Mnr Hansie Botha vir die gebruik van sy Volkswagen Kewer
- Mnr Bruce Collett vir die gebruik van sy vliegtuig
- Zsannaë van den Heever van Vallei Gimnastiek vir die gebruik van die studio
- Lighthouse Café & Guesthouse vir die gebruik van hulle terrein
- Micaela Jovner vir die neem van die foto's







**BREAKFAST
AT TIFFANY'S**



**BREAKFAST
AT TIFFANY'S**



**BREAKFAST
AT TIFFANY'S**

**PULP
FICTION**



**PULP
FICTION**



**PULP
FICTION**



ROCKY



ROCKY

ROCKY







Skoolnuus

MATRIEKAFSKEID 2025

**HOËRSKOOLO
BEN VILJOEN**

OP 1 OKTOBER 2025 HET DIE MATRIKULANTE VAN HOËRSKOOLO BEN VILJOEN HULLE MOOISTE UITRUSTINGS AANGETREK EN DIE GEHOOR BEHOORLIK SPRAKELOOS GELAAT.

'n Matriekafskeid is nie net 'n viering van 'n akademiese mylpaal is nie, maar ook 'n simboliese afskeid van elke leerder se kinderjare. Dit verteenwoordig die einde van 'n era en die begin van 'n opwindende nuwe reis!

Hoe het tyd nie verby gevlieg nie - die jare het verby gesnel met huiswerk, sportdae, en laatnag geselsies oor drome en aspirasies.

Op 1 Oktober 2025 het die matrikulante van Hoërskool Ben Viljoen hulle mooiste uitrustings aangetrek en die gehoor behoorlik sprakeloos gelaat. Met die loopplank op ons prentjiemooi rugbyveld met sy skilderagtige berge, het dit behoorlik gelyk of al hierdie leerders op die voorblad van 'n tydskrif hoort.

Dankie aan elkeen wat betrokke was om hierdie ongelooflike aand vir die matrieks van 2025 aan te bied.















SAPD EN K-9 EENHEID BESOEK BEN VILJOEN

BY HOËRSKOOL BEN VILJOEN IS DIE VEILIGHEID VAN ONS LEERDERS EN PERSONEEL VAN UITERSTE BELANG. DAAROM WERK ONS VOORTDUREND IN NOU VERBAND SAAM MET DIE SAPD OM TOE TE SIEN DAT ONS SKOOLTERREIN VRY VAN ENIGE VERBODE MIDDELS BLY.

By Hoërskool Ben Viljoen is die veiligheid van ons leerders en personeel van uiterste belang. Daarom werk ons voortdurend in nou verband saam met die SAPD om toe te sien dat ons skoolterrein vry van enige verbode middels bly.

Op Dinsdag, 5 Augustus, het die polisie se K9-eenheid – bestaande uit lede van regoor Limpopo – 'n onaangekondigde besoek aan die skool gebring. Beide personeel en leerders was verras deur dié professionele operasie.

Ons is trots om aan te kondig dat daar geen verbode middels op die terrein gevind is nie. Ons spreek graag ons opregte dank uit aan Adjudant-offisier VJ Makhubu, waarnemende eenheidsbevelvoerder van die K9-eenheid in Dennilton, vir hul samewerking en toewyding aan ons gemeenskap se veiligheid.





KRIEKETSPAN HOU 'PAINTBALL'- FONDSINSAMELING

OP 14 AUGUSTUS 2025, TYDENS POUSE, HET ONS EERSTE KRIEKETSPAN
'N OPWINDENDE FONDSINSAMELINGSPROJEK AANGEBIED - DIE
PAINTBALL RUN.



Op 14 Augustus 2025, tydens pouse, het ons eerste krieketspan 'n opwindende fondsinsamelingsprojek aangebied - die Paintball Run.

Leerders en personeel het die kans gekry om, teen 'n vasgestelde prys per balletjie, hul mik en trefvaardighede te toets deur paintball-balletjies op gewillige personeel en eerste krieketspanspelers af te vuur.

Benewens die groot pret het die fondsinsameling ook sy doel bereik deur waardevolle fondse vir die krieketspan in te samel. Hierdie inisiatief het nie net fondse gegenereer nie, maar ook span- en skoolgees versterk.

'n Groot dankie aan almal wat deelgeneem en ondersteun het – en natuurlik aan ons krieketspan en personeel.



MEL DIE STORIEVERTELLER

BESOEK HOËRSKOOI BEN VILJOEN AS DEEL VAN HAAR MEL EN DIE MEISIES-SKOLE TOER 2025

Hoërskool Ben Viljoen was in rep-en-roer met die besoek van Mel die Storieverteller en haar Mel en die Meisies-skoletoe.

Laerskool Julian Muller se Graad 6- en Graad 7-dogters het saam met ons Graad 8 tot 11-dogters die dag spandeer om na hierdie inspirerende praatjie te luister.

Dit was 'n eerlike en motiverende sessie wat ons dogters bemagtig het om hul selfvertroue te bou en hul stem te vind in 'n wêreld wat dikwels oorheers word deur "perfeksie" en kuberboelies.





AGRIMARK EN ANONIEME BORGES BORG EERSTE RUGBYSPANHOEDJIES



Ons eerste rugbyspan wil graag vir Agrimark (mnr. Ruan Koortzen), asook die anonieme skenkers, hartlik bedank vir hul ruim bydraes.

Danksy julle ondersteuning kon elke eerste span speler ná afloop van die Limpopo-finaal 'n pragtige pet ontvang – 'n spesiale herinnering aan 'n merkwaardige seisoen.

Ons waardeer jul betrokkenheid en lojaliteit teenoor Dallerrugby!





HOËRSKOOI BEN VILJOEN

Borge

- AFGRI
- M van Eeden Rekenmeesters
- Qembu/Chery
- Mnr en Mev Patricio
- Mnr Duard Bruwer
- Me Cornelda van der Westhuyzen
- Me Susan Botha
- Me Helgaleen Otty
- Me Lika Eksteen
- Me Michelle Engelbrecht
- Me Mercia Labuschagne
- Me Antascha Boucher
- Me Marlene Cloete
- Mnr Diaan Ras
- Me Engela van Emmenis
- Extreme Printing
- Biobee
- Herotel
- Vleismark Groblersdal
- Me Yolande Geyser
- NTT Toyota Groblersdal
- Super Spar Groblersdal
- Olifantskonsultasiedienste
- Ezingweni Safari Lodge & Spa
- JQ Spares
- Rooibloom Boerdery
- Dr Carel Hancke
- Dr S Kruger
- Pharmacy @ Spar
- Me Beula Brits
- JFK Boerdery
- Me Diana Paissopoulos
- Me Hanlie van Aswegen
- Mnr Marnitz du Plessis
- Plusnet
- Suzuki
- Bidvest McCarthy
- Gatskop Graphics & Design
- Tyremart Groblersdal
- TWK Agri
- Mnr Jaco van den Heever
- Mnr Donovan du Plessis
- Josh Plumbing
- Blinkwater Slaghuis
- Blinkwater Vulstasie
- Mnr Martin Augustine
- Me Anel Hancke
- WVPS
- 24Seven Logistics
- Alpha Agri
- M&M Diesel
- Mnr Peet van Emmenis
- Loskop Valley Lodge
- Citra Shine
- Me Veronique van Blerk
- JoJo Tanks
- Me Marilyn de Meyer
- Altron Fintec
- Tops @ Spar
- Me Rothea Muller
- Me Amanda Grobler
- Raasblaar
- Me Heleen French
- Me Liza Theron
- Me Rileen Schutte
- Me Leonore Alberts
- Me Chante Cochrane
- Me Nadia Hawkey
- Mnr Nicolaas Grundling
- Grobler Vervoer
- GMD Engineering
- Vatikaki Vervoer
- JAC
- Afrifert
- Lekkewaan
- Jacobs-gesin
- Makarios Kleuterskool
- Vikings Chemicals
- WeBuyCars
- Living Ball
- Me Carien Middleton
- Impala Citrus
- Mnr Maditsi
- Me J Nel
- Me R Roentgen
- Me J van Stryp
- Me C van Zyl
- Me O Mposi
- Me M Muller
- Me A Engelbrecht
- Me H Dippenaar
- Me B Surendran Nair
- Me A Alberts
- Me D Taljaardt
- Me J Grundling
- Mnr Dennis van der Walt
- Me Christine du Toit
- Mnr Denham Gosling
- Mnr Kobus Beukes
- Mnr Jaco Bruwer
- Mnr en Mev Fanie Oosthuizen
- Mnr Jaydee Cloete
- Mnr Oscar Koltzow
- Mnr Hannes Jansen
- Mnr en Mev Pieter Bronkhorst
- Mnr Samuel Schmidt
- Oasis Groblersdal
- Geyser Transport
- Agrimark
- New Era Packaging
- Tractor Mecca
- Yellowstone Creek Spur

BAIE DANKIE YELLOWSTONE CREEK SPUR

Ons wil graag Yellowstone Creek Spur Steak Ranch hartlik bedank vir hul ruim bydrae met betrekking tot die voorsiening van kospakkies vir ons toneelgroep tydens hulle deelname aan die ATKV Tienertoneel se streeksfees by die UNISA Kleintheater in Pretoria.

Dankie dat julle deel is van ons reis — julle ondersteuning maak 'n verskil!



BAIE DANKIE NEW ERA PACKAGING

Ons eerste seunskrieketspan bedank graag New Era Packaging vir die borg van hulle krieketklere vir die 2025-seisoen.



BAIE DANKIE CARA CARA BESTUUR!

Ons bedank graag die Cara Cara-bestuur vir die ruimskenking van Spar-geskenkbewyse wat aangewend word by ons Sentrum vir Berading en Remediëring. Julle ondersteuning maak 'n groot verskil en ons waardeer julle betrokkenheid by Hoërskool Ben Viljoen.



BAIE DANKIE TRACTOR MECCA EN LEKKEWAAN

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor Tractor Mecca en Lekkewaan vir hulle betrokkenheid en ondersteuning van Hoërskool Ben Viljoen.

Hierdie twee besighede het ons die voorreg gegun om vir 'n week 'n Tail-G elektriese driewielmotorfiets te gebruik vir ons voorbereiding met die Vallei Uile Sewestoernooi.



BAIE DANKIE LIVING BALL EN SAFETY GRIP

Ons bedank graag Living Ball en Safety Grip vir die borg van splinternuwe Living Ball-wedstrydballe vir die Vallei Uile Sewestoernooi.



JAARLIKSE TKB VOËLJAG

Die jaarlikse TKB Voëljag, in samewerking met Die Raasblaar, het vanjaar vanaf 29 Mei tot 1 Junie plaasgevind en was weereens 'n reuse sukses.

Hierdie unieke en opwindende naweek is nie net 'n hoogtepunt op die kalender vir voëljagliefhebbers nie, maar dien ook as 'n waardevolle fondsinsameling.

Die fondse wat deur die Voëljag ingesamel is, word aangewend om skole in ons gemeenskap by te staan. Ons is nederig dankbaar vir julle goedhartigheid, omgee en onwrikbare ondersteuning. Julle betrokkenheid maak 'n werklike verskil in ons skoolgemeenskap, en ons waardeer elke bydrae – groot of klein.

Ons vat graag hande met julle, want saam bou ons aan 'n toekoms waarin ons leerders floreer.





TWEEDE DUIWEWEDVLUG- VEILING 'N REUSE SUKSES

Hoërskool Ben Viljoen Netbal in samewerking met Loskop/Groblersdal Gekombineerde Duiweklub het op 25 Julie 2025 die tweede Duiwewedvlugveiling aangebied.

Baie geluk aan die volgende weners:

Eerste plek: Duif 1315/24BB van Buffalo Lofts
Prysgeld wenner: Grant Gloster

Tweede plek: Duif 24/5523 van Jan Venter
Prysgeld wenner: Lynne Booyse

Derde plek: Duif 242/24BB van Niel Venter
Prysgeld wenner: Maritza en Hennie Seyffert

'n Groot dankie aan elke deelnemer, ondersteuner en borg wat hierdie aand 'n reuse sukses gemaak het.
Julle betrokkenheid maak 'n verskil!

OPGRADERING VAN DIE GEDENKTUIN

ONS GEDENKTUIN HET DIE AFGELOPE PAAR WEKE 'N MERKWAARDIGE GEDAANTEVERWISSELING ONDERGAAN.



Ons Gedenktuin het die afgelope paar weke 'n merkwaardige gedaanteverwisseling ondergaan. Hierdie opknapping sluit onder andere in: 'n nuwe tuin, deeglike instandhouding van die Suile en gedenkplate, sowel as 'n splinternuwe Ben Klok wat tydens klokluiseremonies gebruik gaan word.

Ons spreek graag 'n woord van dank uit aan almal wat betrokke was by hierdie projek. 'n Spesiale woord van dank aan Mnr Peet van Emmenis vir die ontwerp en uitleg van die tuin, asook die verskaffing van die plante.






DALLERS ONDERSTEUN LAERSKOLE



Bennie en van ons hokkiedogters het op Donderdag, 28 Augustus 2025, die hokkiewedstryde tussen Laerskool Julian Muller en Laerskool Marble Hall bygewoon, waarna elke dogter ook 'n Ben Viljoen-waterbottel gekry het na afloop van die wedstryde. Hierdie wedstryde het op Laerskool Marble Hall se velde plaasgevind, en ons wens graag beide skole geluk met die aanskoulike hokkie wat die leerders gespeel het.

Ons dogtershokkiespelers was ook langs die hokkieveld om Laerskool Julian Muller se o.13A- en B-hokkiespanne te ondersteun met hulle wedstryde teen Laerskool Euphorbia en Laerskool Eugene Marais.

Ons bedank graag Corruseal Packaging Solutions wat hierdie mooi bottels geborg het.



PersoneeInuus

MNR MNKOMO 'N GROOT NAAM OP DIE RUGBYVELD

Hoërskool Ben Viljoen is trots op Mnr Excellent Mnkomo wat gedurende die derde kwartaal die aangewese skeidsregter in talle groot kragmetings was.

Mnr Mnkomo was onder andere die skeidsregter tydens die kragmeting tussen die SA Skole Rugbyspan en die SA 'A'-Rugbyspan wat op Donderdag, 17 Julie 2025, by Hoërskool Middelburg plaasgevind het.

Verder het Mnr Mnkomo ook as skeidsregter opgetree tydens 'n opwindende wedstryd in Zimbabwe tussen die eerste spanne van St John's College en St George's, wat op St John's se tuisveld in Harare plaasgevind het.

Die prestasies hou egter nie daar op nie – op Saterdag, 9 Augustus 2025, het hy sy Curriebeker-debuut as lynregter gemaak tydens die wedstryd tussen die Blou Bulle en die Pumas. Net daarna, op Dinsdag, 12 Augustus 2025, het hy weer as skeidsregter opgetree tydens die kragmeting tussen die Suid-Afrikaanse o.18-rugbyspan en Ierland.

Mnr Mnkomo het ook een van die o.21 Curriebeker semi-finaalwedstryde geskeidsreg.

Hierdie reeks aanstellings en geleenthede onderstreep Mnr Mnkomo se reputasie as 'n gerespekteerde en talentvolle rugbyskeidsregter.



BAIE WELKOM ME VAN DER WALT

Hoërskool Ben Viljoen is baie geseënd om 'n nuwe lid by ons personeelkorps te verwelkom.

Me Natasha van der Walt het tydens die derde kwartaal by ons aangesluit as invorderingsklerk.

Ons verwelkom u graag en bid u seën toe vir u toekoms hier by ons.



TOTSIENS ME OOSTHUIZEN


Dit is altyd moeilik om afskeid te neem, maar soos Jonathan Lockwood Huie gesê het: “Vier elke einde, dis die voorloper van ‘n nuwe begin.”

In Januarie 2018 het Me Rozelle Oosthuizen by die Uduxo-klasse van Hoërskool Ben Viljoen aangesluit en vinnig haar merk in die lewens en harte van almal gemaak.

Sy was nie net 'n onderwyseres nie, maar ook 'n mentor, ondersteuner en moederfiguur vir soveel leerders wat die voorreg gehad het om met haar paaie te kruis. Almal is dit eens dat sy die tipe onderwyser is wat elke mens nodig het – iemand wat jou aanhou druk tot jy dink jy nie meer kan nie, jou dan weer ophelp en verder druk, omdat sy die potensiaal in jou raaksien.

Vandag sê ons nie net vaarwel nie – ons sê dankie. Dankie vir jou diens, jou liefde, jou lojaliteit en die menswees wat jy elke dag saamgebring het. Mag die volgende hoofstuk in jou lewe net so ryk en vervullend wees soos jou tyd by Hoërskool Ben Viljoen.





Alumni

ONIKE STEL “EERS VIR MY HOU” VRY

Onike Janse van Vuuren, wat deel was van die klas van 2015, het op 20 Junie 2025 haar nuutste enkelsnit, “Eers Vir My Hou”, vrygestel.

Die lied is ’n treffende samesmelting van Afrikaanse lirieke met invloede van die Pop- en Country-genres, en bring ’n vars, eerlike klank na die plaaslike musiektoneel.

Volgens die amptelike persverklaring is dié lied geskryf deur ’n kragtige span bestaande uit Hugo Ludik, Emil Paul, Julianie J en Onike self. Die sentrale boodskap is eenvoudig, maar kragtig: “Wat die wêreld nie sien nie, kan die wêreld nie seermaak nie.”

In ’n era waar romantiese verhoudings dikwels in die kollig van sosiale media en publieke opinie staan, bring hierdie lied ’n tema van beskerming, sagtheid en hoop – ’n herinnering dat ware liefde dikwels in stilte floreer.

Onike is geen vreemdeling vir die verhoog nie. Sy het reeds in 2012 geskiedenis gemaak as die eerste Suid-Afrikaanse tienersanger wat die “Teen Singer” trofee in Orlando, Florida gewen het – ’n prestasie wat haar selfs ’n platekontrak-aanbieding van Interscope Records besorg het.

In 2023 het sy verder die harte van menigte gewen toe sy tydens die Bosveld Interhoër Atletiekbyeenkoms in Groblersdal die Volkslied met trots gesing het – ’n spesiale oomblik vir haar en vir almal in die Dal wat haar sedert haar skooldae ondersteun.

Met haar unieke stem, egte stories en passievolle hart is Onike besig om haar plek in die Suid-Afrikaanse musieklandskap te vestig.



“Volgens die amptelike persverklaring is dié lied geskryf deur ’n kragtige span bestaande uit Hugo Ludik, Emil Paul, Julianie J en Onike self”



SOUTH AFRICAN COUNTRY DISTRICTS (SADC) DAMESTOERNOOI

SALOME MAMABOLO, DEEL VAN DIE KLAS VAN 2018, HET VANAF 6 TOT 12 JULIE AAN DIE 25STE SOUTH AFRICAN COUNTRY DISTRICTS (SADC) DAMESTOERNOOI DEELGENEEM HET



Salome Mamabolo, wat deel was van die klas van 2018, het vanaf 6 tot 12 Julie aan die 25ste South African Country Districts (SADC) damestoernooi deelgeneem as deel van die Limpopo-damesspan.

Hierdie toernooi wat vanjaar by Stanford Lake College aangebied is, het van die beste spelers van regoor die land bymekaar gebring.

Die Limpopo-span het 'n uitsonderlike vertoning gelever deur nie 'n enkele wedstryd tydens die toernooi te verloor nie. Hulle is ná afloop van die week vir die derde agtereenvolgende jaar as kampioene gekroon, 'n bewys van hul volgehoue toewyding en spanwerk.

LJ DRAF UIT VIR PUMA SENIORSPAN

LJ Jordaan, deel van die klas van 2023, het Saterdag, 12 Julie 2025, vir die Pumas se seniorspan uitgedraf in hulle wedstryde teen die Northam Rhinos en Sasol Rugbyklub in Secunda. LJ is tans verbonde aan die UXI Pumas Rugbyinstituut (PRI)



DYLAN GENOOI VIR KUDU XV O.20-SPAN

Ons is baie trots om aan te kondig dat Dylan Nieuwenhuys, wat deel was van die klas van 2024, genooi is vir die Kudu XV o.20 Uitnodigingspan wat na Georgië toer. Hierdie toer vind vanaf 30 November tot 9 Desember 2025 plaas.

Deelname aan sport is in vandag se tyd finansiële stresvol gegewe die feit dat klubrugby 'n amateursport is. Indien enige gemeenskapslede wil bydrae tot Dylan se toerkostes, kan hy gekontak word by: dylannieuwenhuys6@gmail.com

MARLI AANGESTEL AS HOKKIEKOÖRDINEERDER VIR DIE SUID-OOS TRANSVAAL

Ons is uiters trots om bekend te maak dat Marli Lessing, deel van die klas van 2021, aangestel is as hokkiekoördineerder vir die Suid-Oos Transvaal-distrik se Bokkieweekspanne.

Marli se passie vir hokkie en toewyding aan die sport maak haar 'n inspirasie vir jong spelers, en ons sien uit na die positiewe invloed wat sy in hierdie rol gaan hê



CHANELLE AANGEWYS AS PRIMARIA VAN VERGEET-MY-NIE DAMESKOSHUIS

Hoërskool Ben Viljoen is trots om bekend te maak dat Chanelle Smith, wat deel was van die klas van 2022, die Daller-naam met trots uitdra aan die Noordwes-Universiteit (NWU-Pukke).

Chanelle is op Woensdag, 24 September 2025, aangekondig as die 2026 Primaria van Vergeet-My-Nie dameskoshuis. Hierdie aanstelling getuig nie net van haar leierskapvermoë nie, maar ook van haar toewyding om 'n positiewe bydrae tot die universiteitsgemeenskap te maak.





@ DIE KANTOOR

**OORKANT BUITESTRAAT, OP DIE
PLAAS KLEINWATERFONTEIN.**

HOU JOUSELF BESIG EN AKTIEF DIE VAKANSIE!

DIEKANTOOR.NET


**BESPREEK PADEL VIR JOU EN JOU VRIENDE OP DIE WEBTUISTE.
4 MENSE KAN GELYK SPEEL, RAKETTE EN BALLE INGESLUIT.**

VIR ENIGE NAVRAE, KONTAK HENIA POTGIETER: 072 683 0625.

IN MEMORIAM

Ons het met groot hartseer verneem van die afsterwe van 'n paar oud-leerders, betrokke ouers en rolspeleers wat op 'n manier verbonde was aan Hoërskool Ben Viljoen.
Die skool, personeel en Beheerliggaam dra ons innige meegevoel oor aan hulle familie en vriende.

Mag die mooi herinneringe julle troos in hierdie moeilike tyd en mag ons Hemelse Vader al hulle geliefdes en vriende aanraak met Sy Liefdevolle Krag en teenwoordigheid.



Hester Grobler
KLAS VAN 1991

Fouché Blignaut snr

Chris van Eeden
KLAS VAN 1996

